TITEL VAN DIE PROEFSKRIF

DIE BEPALERS VAN DIE GEES EN RIGTING VAN DIE OPVOEDENDE SKOOLONDERWYS

1. PROBLEEMSTELLING EN ALGEMENE ORIëNTERING

1.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal ten eerste gepoog word om 'n omskrywing te gee van die probleem wat tot die ondersoek aanleiding gegee het. Op grond daarvan sal die hipotese vir die navorsing gestel word asook die subhipoteses wat daaruit voortvloei.

Daarna sal die metode van ondersoek beskryf en sekere begrippe omskryf word, en die hoofstuk word afgesluit met die indeling van die proefskrif (navorsingsverslag) in sy onderskeie hoofstukke.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die onderwyservaring van 25 jaar het vir die ondersoeker een saak duidelik na vore gebring, naamlik dat daar 'n voortdurende stryd tussen verskillende samelewingsverbande en instansies bestaan oor die beheer van die onderwys en dus by implikasie ook oor die gees en rigting van skoolopvoeding en -onderwys.

Ook Raath (1969: 6, 7) meld in sy referaat op die Volkskongres van 1969 dat een van die vernaamste beginsels in die onderwys waarvoor daar in die verlede so taai gestry is, die eis is dat aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel gegee moet word. Hy meld ook dat die vraag uit verskeie oorde gestel word wat die kerk met die onderwys te doen het, en hierdie vrae word wel só gestel dat dit suggereer dat die kerk niks daarmee te make mag hê nie.

In die RGN-Kommissie se verslag (Verslag van die Hoofkomitee van

die RGN-Ondersoek na die Onderwys, 1981 (ook bekend as die De Langeverslag, 1981)) word dit duidelik gestel dat een van die beginsels vir onderwysvoorsiening in die RSA is dat onderwysvoorsiening op formele vlak die verantwoordelikheid van die staat is, maar dat die individu, die ouers en die georganiseerde samelewing medeverantwoordelikheid vir en inspraak in hierdie aangeleentheid het (beginsel 6) (RGN, 1981: 15).

In hierdie verslag (RGN, 1981: 14, 15) word elf beginsels gestel waarvolgens onderwysvoorsiening in die RSA moet geskied. Op die Afrikaner-Onderwyskongres in Bloemfontein in 1982 het Landman (1982: 37) op hierdie elf beginsels kommentaar gelewer. In sy kommentaar beklemtoon hy die betrokkenheid van alle belanghebbendes by onderwysvoorsiening en stel die eis dat die funksionering en samewerking van die belanghebbendes wetlik omskryf moet word.

Ondersoek bring aan die lig dat die belangrikste instansies wat by die onderwysvoorsiening en dus ook by die bepaling van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys betrokke is, die staat, die kerk, die ouerhuis en die 'georganiseerde' samelewing is. Daar kan nog bygevoeg word dat die skool as instituut self en die onderwysers wat daarin werk, ook 'n invloed op die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys het.

Raath (1969: 6, 7) praat van beginsels in die onderwys waarvoor daar in die verlede so hard gestry is. Hierdie en ander uitsprake dui daarop dat die vraag oor wie werklik die gees en rigting van die opvoeding en onderwys in die skool (moet) bepaal, 'n probleem is wat in die praktyk van die skool se opvoeding en onderwys ondervind word. Die probleem het nie met professionele vraagstukke in die onderwys te doen nie maar handel oor die beginsels wat aan die skool se opvoeding en onderwys ten grondslag lê (Raath, 1969: 8), met ander woorde die gees en rigting (lewensbeskoulike inslag) daarvan.

Die probleem kan ook anders omlyn word. Wet 39 van 1967 (Wet op Nasionale Onderwysbeleid, nr. 39 van 1967) bepaal naamlik dat die onderwys in Suid-Afrika in Blankestaatskole 'n Christelike karakter moet hê (Raath, 1969: 6).

Hoewel die RGN-Kommissie in 1981 in sy verslag (die De Langeverslag) oor die onderwysvoorsiening in die RSA aanbeveel het dat die religieuse diversiteit en gemeenskaplikheid van die bevolking in Blankestaatskole positiewe erkenning moet kry (RGN, 1981: 14), het die regering in Oktober 1981 in sy *Memorandum* (Tussentydse memorandum oor die verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die ondersoek na onderwysvoorsiening in die RSA, 1981) voorlopig kommentaar gelewer op die De Langeverslag en sy standpunt van 1967 herbevestig dat die onderwys in Blankestaatskole 'n Christelike karakter moet hê (Truter, 1982: 4, 5).

Gesien teen hierdie agtergrond bly die vrae bestaan: Wie moet/kan vir onderwyser A in skool B bepaal of voorskryf wat die gees en rigting van die onderwys en opvoeding in die skool moet wees? Is dit die staat, wat deur middel van 'n onderwysdepartement juridies 'n bepaalde gees en rigting kan afdwing, soos in die geval van Wet 39 van 1967 en soos herbevestig in 1981, of is dit die taak van die kerk om die godsdiens op skool en daarmee saam ook die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys te bepaal? En watter inspraak het die ouers in hierdie saak? En die onderwysers? Verder is daar ook nog die samelewing met sy ryke verskeidenheid instansies en faktore wat regstreeks of onregstreeks die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys kan beïnvloed, byvoorbeeld die pers, die radio, die televisie, kulturele bedrywighede, sport en finansiële instellings.

Die probleem wat in hierdie studie ondersoek word, is dus: Wie van al die genoemde instansies moet die reg hê om aan die onderwyser 'voor te skryf' wat die gees en rigting van die opvoeding en onderwys in die skool moet wees, en, indien meer as een in-

stansie sodanige 'seggenskap' het, wat is die bevoegdheidsterrein van elke instansie eintlik?

1.3 FORMULERING VAN DIE NAVORSINGSPROBLEEM

Wanneer een samelewingsverband of -instansie sy perke oorskry ten opsigte van die bepaling van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys en op die regte/selfstandigheid van (n) ander samelewingsverband(e) inbreuk maak, ontstaan daar botsings. Daar moet dus vasgestel word watter instansie(s) of samelewingsverband(e) wel bevoegdheid tot seggenskap oor die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys het en wat die (relatiewe) verantwoordelikheid en bevoegdheidsterrein van elke instansie in hierdie verband is.

1.4 DIE ONTSTAAN VAN DIE PROBLEEM (AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING)

Al die instansies, samelewingsverbande en organisasies wat die lewe tans kenmerk, het nie altyd bestaan nie. By die skepping van die mens was daar selfs aanvanklik nie eens 'n gesin nie. Die staat, die kerk en die skool (en die ander samelewingsverbande en -instansies) het in die loop van die geskiedenis ontstaan (Muller, 1969: 108). So ook het ander, 'sosiale' instellings wat die skool se opvoeding en onderwys regstreeks en onregstreeks beïnvloed, in die loop van die geskiedenis ontstaan.

Aanvanklik het die ouers in die vroegste tye self al die nodige kennis en kundighede aan hulle kinders oorgedra. Met die vermeerdering van kultuurskatte, van kennis en kundighede kon die ouers naderhand nie meer aan al die eise van die tyd voldoen nie en moes 'aanvullende opvoeders' verkry word (Kim, 1984: 11). En dit is hier waar die probleem sy ontstaan het. Van toe af het die vraagstuk van seggenskap oor die kind, sy opvoeding en sy onderwys nog altyd aktueel gebly.

Net soos die ouer in die skool se opvoeding en onderwys 'aanvulling' nodig gekry het, het hy ook op godsdienstige gebied sodanige 'aanvulling' benodig (Coetzee, 1930: 64). Dit het die probleem nog ingewikkelder gemaak, want daarmee het 'n derde aanspraakmaker, die kerk, bygekom.

Namate mensegetalle toegeneem het en die samelewing al hoe ingewikkelder geword het, het die ouerlike gesag via die patriargale gesag ontwikkel tot die owerheidsgesag soos dit vandag is (Coetzee, 1930: 75). Die staat het naamlik algaande ook gemoeid by die skool se opvoeding en onderwys begin raak en op seggenskap oor die gees en rigting daarvan aanspraak begin maak. Dit het die vraagstuk van seggenskap oor die kind se opvoeding en onderwys op skool aansienlik ingewikkelder gemaak.

In die loop van die geskiedenis het daar ook verskillende instansies, omstandighede en faktore soos byvoorbeeld die boekdrukkuns en die radio, na vore gekom, en elkeen het op sy eie manier die skool se opvoeding en onderwys beïnvloed. Die invloed van byvoorbeeld die radio, die televisie, die rekenaar en die rolprentwêreld op die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys is algemeen bekend.

Die probleem van die vasstelling van die bevoegdheid van die verskillende instansies om die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys te bepaal is dus van wesenlike belang.

1.5 HIPOTESES

1.5.1 *Hoofhipotese (Hh)*

Daar bestaan in die raamwerk van die verpligte Christelike onderwys vir Blankes in die staatskole van die RSA verskillende bepalers van die gees en rigting van die onderwys en opvoeding wat in die skoolklaskamer gegee word. (Die bepalers kom in die

praktyk gedurig in botsing met mekaar, omdat elkeen die bepaling van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys vir homself wil toe-eien.)

1.5.2 *Subhipoteses (Sh)*

Sh 1. Die staat is 'n bepaler van die skool se opvoeding en onderwys, en wel wat betref die finansiering en administrasie daarvan, die handhawing en vasstelling van standaarde, en van die reg van elkeen wat in die opvoedings- en onderwysprogram van die skool betrokke is.

Sh 2. Die kerk is 'n bepaler van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys in die sin dat die kerk onregstreeks invloed uitoefen op die skool deur die ouers van die leerlinge en die onderwysers wat lidmate van die kerk is.

Sh 3. Die ouerhuis is 'n bepaler van die gees en rigting van die onderwys en opvoeding op skool.

Sh 4. Die skool as instituut is self ook 'n bepaler van die gees en rigting van sy opvoeding en onderwys. Die terrein van die skool is die gebied van die metodiek, dissipline, leerinhoud en interne organisasie.

Sh 5. Die onderwyser is in sowel individuele as georganiseerde verband 'n bepaler van die onderwys op skool en by implikasie van die gees en rigting daarvan. Die terrein van die onderwyser is dieselfde as die van die skool as instituut.

Sh 6. Die breë gemeenskap met al sy diverse samelewingsfaktore waarin die skool hom bevind, is 'n bepaler van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys. Die gemeenskap se invloed is onregstreekser en strek oor 'n wye spektrum.

1.6 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die navorsing is om te bepaal wat die verskillende instansies is wat in die raamwerk van die verpligte Christelike onderwys in staatskole van die RSA die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys in die klaskamer bepaal, en verder ook wat die Skriftuurlike beginselgrondslag is op grond waarvan die verskillende instansies seggenskap en inspraak in die skool se opvoeding en onderwys uitoefen. Die doel is dus om vas te stel:

1.6.1 watter rol die staat speel in die bepaling van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys;

1.6.2 watter rol die kerk speel in die bepaling van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys;

1.6.3 watter rol die ouerhuis speel in die bepaling van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys;

1.6.4 watter rol die skool as instituut speel in die bepaling van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys;

1.6.5 watter rol die onderwyser in individuele en georganiseerde verband speel in die bepaling van die skool se opvoeding en onderwys;

1.6.6 watter rol diverse samelewingsfaktore speel in die bepaling van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys.

1.7 AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEKTERREIN

Daar mag nog ander instansies (soos bendes, munisipaliteite), faktore (soos klimaat, waterrykdom/-skaarste) en omstandighede (soos rykdom, armoede) wees wat die gees en rigting van die

skool beïnvloed, maar enersyds is dit nie prakties moontlik om *alle* instansies, faktore en omstandighede in die ondersoek te betrek nie, en andersyds is die ses subhipoteses hierbo onder 1.5.2 genoem volgens die literatuur opvallend en tradisioneel die belangrikste instansies wat die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys beïnvloed.

1.8 DIE METODE VAN ONDERSOEK

Die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde het drie kante:

* Ten eerste is daar die hermeneutiese of vertolkende kant. Hier speel veronderstellings, die bo-sinlike en die Bybel 'n rol.

* Ten tweede is daar die strategiese kant van of die 'aanvalsplan' op die probleem. In hierdie studie gaan hoofsaaklik gebruik gemaak word van kritiese beoordeling, historiese ondersoek, evaluering, logiese en analitiese deurdenking, literatuurstudie, Skrifperspektiewe en prinsipiële besinning en beskrywing.

* Die derde kant is die instrumentele kant, en in hierdie studie gaan hoofsaaklik gebruik gemaak word van die definisie van begrippe, afleiding en beoordeling, vergelyking, logiese redenasie, beskrywing, verstaan, sintuiglike waarneming en die hipoteseverifiërende induktiewe metode (Van der Walt, 1982: 29, 30).

  Onder die hipoteseverifiërende induktiewe metode word verstaan dat daar by die aanvang van die ondersoek 'n hipotese geformuleer word, en dan word voortgegaan om die hipotese as aanvaarbaar of nie-aanvaarbaar aan te toon (Van der Walt, 1982: 29).

1.9 DEFINIëRING EN OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE

1.9.1 *Bepaal*

Die woord *bepaal* beteken kragtens besluit vasstel, reël en nader omskryf (Terblanche en Odendaal, 1966: 94). Verder kan *bepaal* ook beteken om die koers (van byvoorbeeld die skoolonderwys) en beleid neer te lê, om te sê hoe 'n handeling of optrede moet wees.

1.9.2 *Gees en rigting*

Die 'gees en rigting' van die skoolonderwys moet nie as twee afsonderlike begrippe gesien word nie maar as 'n twee-eenheidsbegrip. Daaronder moet die besielende, aandrywende krag, die geheel van gevoelens en denkwyses van 'n bepaalde handeling verstaan word (Schoonees, 1957: 81). Die gees en rigting van 'n aktiwiteit is die dampkring waarin die aktiwiteit plaasvind en die koers wat dit volg. Schutte (1984: 215) beskou die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys die religieuse en lewensbeskoulike fundering of inslag van die onderwys.

1.9.3 *Opvoeding*

'Opvoeding' kan omskryf word as 'n doelbewuste, opsetlike en waarheidsgenormeerde handeling waarby (n) mondige persoon (persone) wat uit liefde vir God en die naaste gedronge en in volle besef van sy roeping met betrekking tot die kosmos, (n) onmondige persoon (persone) help, lei, rig, oorhaal en vorm tot vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy (hulle) roeping om God met sy (hulle) hele lewe te dien, die koninkryk van God op alle terreine uit te brei en sy (hulle) naaste se heil te soek en te bevorder en die kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring (Van der Walt & Dekker, 1978: 36).

1.9.4 *Onderwys*

'Onderwys' is daardie 'onderdeel' van opvoeding wat met die oordrag van kennis te make het (Van der Walt, Dekker & Van Wyk, 1977: 7). De Vries (1978: 38) beskou onderwys verder as 'n handeling wat gerig is op die bemagtiging van kennis en die aanleer van spesifieke vaardighede deur die kind. Verder streef onderwys ook na die ontwikkeling van begrip, insig en selfstandige denke.

1.9.5 *Onderrig*

Terblanche en Odendaal (1966) omskryf 'onderrig' as 'n handeling van voorligting of kennisverskaffing. Dit veronderstel dus tegelyk 'n leersituasie.

1.9.6 *Opvoedende onderwys*

Onder 'opvoedende onderwys' moet dus verstaan word doelbewuste normgebonde handelinge van 'n volwassene wat uit liefde 'n onvolwassene lei en help om God met sy hele lewe te dien en in die proses doelbewus sekere kennis en vaardighede by die onvolwassene wil tuisbring.

1.10 INDELING VAN DIE PROEFSKRIF (NAVORSINGSVERSLAG)

* Hoofstuk 1: Die inleiding, probleemstelling, metode van ondersoek, begripsomskrywing en hoofstukindeling.
* Hoofstuk 2: Die staat as bepaler van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys, prinsipieel en histories besien.
* Hoofstuk 3: Die kerk as bepaler van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys, prinsipieel en histories besien.

* Hoofstuk 4: Die ouerhuis as bepaler van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys, prinsipieel en histories besien.

* Hoofstuk 5: Die skool as instituut as bepaler van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys, prinsipieel besien.

* Hoofstuk 6: Die onderwyser as bepaler van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys, prinsipieel besien.

* Hoofstuk 7: Diverse samelewingsfaktore as bepalers van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys, prinsipieel besien.

* Hoofstuk 8: Die samevatting van die ondersoek deur middel van die stel van bevindinge en die maak van gevolgtrekkinge en aanbevelings op grond van die bevindinge.

1.11 TEN BESLUITE

In die volgende hoofstuk word daartoe oorgegaan om eerstens prinsipieel vas te stel watter rol die staat in die bepaling van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys speel en om ook histories vas te stel hoe die gestelde beginsels in die loop van die geskiedenis gehandhaaf (of verontagsaam) is.

2. DIE STAAT AS BEPALER VAN DIE GEES EN RIGTING VAN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS IN DIE SKOOL

2.1 INLEIDING

Twee oogmerke word vir hierdie hoofstuk gestel:

Ten eerste gaan gepoog word om prinsipieel vas te stel wat die plek van die staat in die samelewing en daarmee saam ook sy verhouding tot die opvoeding en onderwys in die skool is. Daar gaan dus probeer word om vas te stel in watter mate die staat 'n bepaler van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys is.

Ten tweede word beoog om vas te stel hoe die verhouding staat-skool in die loop van die geskiedenis in die praktyk tot uitdrukking gekom het. Dit kom dus daarop neer dat vasgestel moet word hoe die *prinsipiële* verhouding tussen die staat en die skool in die praktyk deur die loop van die jare òf verontagsaam òf gehandhaaf is.

2.2 PRINSIPIëLE FUNDERING VAN DIE STAAT SE ROL AS BEPALER VAN DIE GEES EN RIGTING VAN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS IN DIE SKOOL

2.2.1 *Ter oriëntering*

Volgens Dooyeweerd (1969, III & IV: 402) het die moderne tyd 'n groot behoefte aan kennis van die strukturele beginsels wat die verhouding van die staat tot die ander samelewingsverbande bepaal. Verder beklemtoon hy dat hierdie beginsels nie deur die menslike rede uitgedink en beplan is nie maar dat hulle onties in die Goddelike wysheid en skepping lê soos hulle in die kosmiese wêreldorde geopenbaar word.

Wanneer die verhouding van die staat tot die opvoeding en onder-

wys in die skool vasgestel word, moet daar ten eerste gelet word op daardie strukturele beginsels soos hulle aan die wetsy geopenbaar word en wat van 'n staat 'n staat maak en weer van 'n skool 'n skool.

In hierdie hoofstuk sal die staat en sy belang by die skool onder die loep geneem word, terwyl die skool as sodanig in hoofstuk 5 aan die beurt sal kom.

2.2.2 *Die struktuur van die staat*

2.2.2.1 Die individualiteitstruktuur van die staat

Alles wat God geskep het, het Hy as afsonderlike eenhede of totaliteite geskep. Elke skepsel het 'n eie aard en voorkoms, 'n eie samestelling en gevolglik 'n eie individualiteitstruktuur (Schoeman, 1975: 49). Hierdie 'dingstruktuur' is die waarborg vir die eie identiteit van elke skepsel (ding), en binne bepaalde grense verander hierdie identiteit nooit nie. Hierdie individualiteitstruktuur verteenwoordig die wetmatige opbou en die individualiteit van elke ding en is veel meer as die som van sy dele (Spier, 1946: 138-144).

Die individualiteitstruktuur van 'n ding is die ordening van die modale funksies daarvan in individuele gehele op so 'n wyse dat elke individuele geheel 'n sin-individualiteit ontvang wat onherleibaar tot ander individualiteite is en altyd konstant bly, ongeag die variasies in vorm en ongeag die mense wat daartoe behoort (Stone, 1972: 5).

Dit is die sin-individualiteit of -struktuur van 'n klip wat van 'n klip iets anders maak as 'n boom en van 'n staat iets anders as 'n skool. In 'n ondersoek na die interne struktuur van 'n samelewingsverband (in hierdie geval die staat) moet terdeë met die funderingsfunksie en die bestemmingsfunksie van

die betrokke verband rekening gehou word. Daarna moet nagegaan word hoe die interne verbandstruktuur op tipies individuele wyse in al die modale funksies tot uitdrukking kom (Spier, 1946: 170).

2.2.2.2 Die funderingsfunksie van die staat

Die staat het sy ontstaan te danke aan 'n tipiese konsentrasie van mag soos dit histories uit die vernietiging van die verskillende ongedifferensieerde sosiale organisasies gegroei het. Daarom is die kenmerkende funderingsfunksie van die staat die organisering van die swaardmag oor 'n bepaalde territoriale gebied (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 413, 414; vgl. Rom. 13: 1-7).

Die staatsverband is dus histories gefundeer, en hierdie funderingsfunksie dra 'n normatiewe karakter, wat beteken dat die staat ook die roeping het om die swaardmag só te organiseer dat hy na binne en na buite as staatsgeheel behoorlik kan funksioneer. Geen staat kan dus sonder 'n behoorlike polisiemag en militêre mag behoorlik staat wees nie (Strydom, 1967: 51).

2.2.2.3 Die bestemmingsfunksie van die staat

Mag sonder reg ontaard in dwingelandy, en dit is dus noodsaaklik dat die staat nie onbeperk oor magsuitoefening beskik nie. Daar moet nog iets bykom, en dit is die bestemmingsfunksie van die staat, naamlik die juridiese (Taljaard, 1963: 97). Taljaard (1976: 204) beskou verder die staat as die beskermer van die onderdane. Burgerskap is iets wat deur die staat bepaal moet word. Die staat kan dus besluit aan wie hy burgerskap (en burgerskapvoorregte) wil gee en moet toesien dat elke burger aan die burgerskapvereistes voldoen. Binne die staatsverband is elke onderdaan slegs 'n onderdeel, maar 'n onderdeel wat sy eie identiteit behou en nie totaal in die

staatsverband opgaan nie.

Dooyeweerd (1969, III & IV: 444, 445) is van mening dat die sinkern van die leidende funksie van die staat (naamlik die juridiese) neerkom op harmonie in die samelewing in die vorm van verbandsgeregtigheid.

Terwyl Taljaard dus die staat as die organiseerder van sosiale geregtigheid sien, beskou Dooyeweerd dit meer as die vergelder van ongeregtigheid.

Die mag van die staat word getemper deur die reg wat hy moet laat geskied, en die bestemming, taak of roeping van die staat is die juridiese integrering van alle belange in die staat se gebiedsgrense. Hy moet sy onderdane en alle instansies se regsbelange beskerm, handhaaf en sorg dat daar juridiese harmonie in sy territorium is (Van der Walt, 1980: 99).

Die regsfunksie van die staat verskil egter van die van byvoorbeeld die skool of die kerk. Dit is juis in regdoen as sodanig dat die staat sy bestemming of 'hoogste' funksie vind, terwyl die 'hoogste' funksie van byvoorbeeld die skool en kerk iets anders as 'regdoen' is (Spier, 1946: 191).

Hoewel die staat aan alle individue, samelewingsverbande en organisasies reg moet laat geskied, verhef dit hom nie tot 'n hoër samelewingsverband as al die ander nie. Dit gee hom nie die reg om willekeurig oor al die ander baas te speel, al die ander te oorkoepel nie. Die staat is, in die woorde van Dooyeweerd (1969, III & IV: 444), 'n *salus publica*, 'n weldoener in openbare belang. Sy 'magsgebied' is alleen die openbare sosiale geregtigheid (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 445).

Oor die interne reg van byvoorbeeld die kerk en die skool het die staat geen seggenskap nie, maar waar die kerk, die skool, alle ander samelewingsverbande en individue se openbare belange deurmekaar begin loop en verstrengel raak, is dit die spesifieke taak van die staat om die orde en reg te handhaaf (Spier, 1946: 192). Hierdie gesigspunt bring die beginsel van soewereiniteit in eie kring na vore.

Voordat die beginsel van soewereiniteit in eie kring van nader bekyk word, moet die funderingsfunksie en bestemmingsfunksie van die staat egter eers met mekaar in verband gebring word.

Die staat kan nie net volgens sy funderingsfunksie gesien word nie, want dan kan dit volgens Dooyeweerd (1969, III & IV: 434) in staatsabsolutisme en die owerheid in 'n groep georganiseerde militêre rowers ontaard.

Aan die ander kant kan die staat egter ook nie net in die lig van sy bestemmingsfunksie gesien word nie, want om reg te laat geskied sonder die mag om dit af te dwing, is ook 'n ondenkbare toestand.

Daarom moet die staat gesien word as 'n koördineringsliggaam van mag en reg. Mag en reg vorm die twee pole van dieselfde ding, en die wisselwerking tussen die twee kom tot uiting in die besondere struktuur wat die staat aanneem en wat die verhouding tussen owerheid en onderdane uitspel (Spier, 1946: 190).

2.2.2.4 Die beginsel van soewereiniteit in eie kring

Abraham Kuyper en sy volgelinge het gestry vir die erkenning van die beginsel van soewereiniteit in eie kring, en Spier (1946: 51, 52) meld dat die Wysbegeerte van die Wetsidee

hierdie beginsel as 'n Skrifbeginsel aanvaar en dat dit een van die hoekpilare van die Calvinistiese denke is. Stoker (1970, II: 287) lei die beginsel van soewereiniteit in eie kring af uit die radikale verskeidenheid van modale kringe en uit die fundamentele aard of sinkern van elke wetskring. Die verskillende wetskringe is onderling onherleibaar tot mekaar, maar almal is onderling met mekaar in 'n enkaptiese verband vervleg.

As skeppingsprinsipe geld die beginsel ook vir die struktuur van die samelewingsverbande soos die gesin, skool en staat (Duvenage, 1962: 231).

As een van die samelewingsverbande het die staat dus 'n eie terrein waarop hy kan funksioneer, en hy mag nie in die interne sake van byvoorbeeld die kerk of die skool inmeng nie, net so min as wat die kerk of skool in die staat se sake of in mekaar s'n onderling mag inmeng. Elke samelewingsverband het 'n eie struktuur en lewenswet, 'n eie bevoegdheid, en die een mag nie aan die ander ondergeskik gemaak word nie. In so 'n geval kry 'n mens grensoorskryding (Duvenage, 1962: 232). Op dieselfde gronde kan dus gestel word dat die staat die skool of enige ander samelewingsverband ook nie vir sy eie doeleindes mag gebruik (of misbruik) nie.

2.2.2.5 Die handelinge van die staat

2.2.2.5.1 Inleiding

As gevolg van die enkaptiese verband en die samehang tussen die verskillende samelewingsverbande bestaan hulle nie volkome afgesonderd van mekaar nie. Elke strukturele geheel moet hom in al die modale aspekte van die werklikheid uitdruk (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 418).

So sal die staat ook met getalle, met ruimte, met die etiese en die religieuse te doen hê, maar hierdie betrokkenheid as sodanig kwalifiseer hom nie as staat nie. Dit is alleen sy funderingsfunksie en bestemmingsfunksie wat hom as staat kwalifiseer.

2.2.2.5.2 Openbaring van die staat in die verskillende bestaanswyses

2.2.2.5.2.1 Die aritmetiese bestaanswyse (hoeveelheid)

Getalle is vir die staat van groot belang, want hy moet immers weet uit hoeveel burgers die staatsbevolking bestaan. So kan getalle ook op baie ander terreine belangrik wees. Daar is gewoonlik selfs 'n spesiale staatsdepartement van sensus en statistiek (Spier, 1946: 68, 69).

2.2.2.5.2.2 Die ruimtelike bestaanswyse (ruimte, kontinue uitgebreidheid)

Die staat se reg en mag geld net binne sekere grense, en die staat bestaan in 'n ruimtelike gebied. Dit is dus ondenkbaar dat die staat nie ook met die ruimtelike bestaanswyse te doen het nie. Die staat moet immers sy grense beskerm en bewaak en die swaardmag binne daardie grense handhaaf (Spier, 1946: 69, 70).

2.2.2.5.2.3 Die fisiese bestaanswyse (materie, kontinue voortgang)

Die staatsverband is dinamies. Daar is voortdurend verandering of beweging, daar is vooruitgang of agteruitgang. Ook op die gebied van die stoflike dinge is daar altyd verbetering van produkte en nuwe uitvindings. Die staat moet gedurig navorsing en verbetering aanmoedig (Spier, 1946: 70, 71).

2.2.2.5.2.4 Die biotiese bestaanswyse (lewe)

Die mense van die staat is onderworpe aan die wette wat vir organiese lewe geld (Van der Walt *et al.*, 1977: 98). So is elke staat 'n politiese lewensgemeenskap wat in 'n bepaalde gebied leef. In daardie gebied beskik die staat oor die swaardmag, oor die lewe en dood van sy onderdane. Dit is 'n verantwoordelikheid wat die staat het, en hy moet dit só hanteer dat dit aan die eise van die Christelike liefde voldoen (Spier, 1946: 71, 72). As gevolg van die opeenvolgende generasies is elke volk ook 'n eiesoortige biotiese samestelling waarin 'vreemde' elemente ook opgeneem word (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 497).

2.2.2.5.2.5 Die psigiese bestaanswyse (gevoel)

In hierdie bestaanswyse kom die staatstruktuur tot uiting in die gevoel van samehorigheid, die gevoel van veiligheid en die gevoel van onderworpenheid aan die owerheid (Spier, 1946: 73-75; Dooyeweerd, 1969, III & IV: 494).

2.2.2.5.2.6 Die analitiese bestaanswyse (logiese denke en ontleding)

Denke is 'n suiwer menslike handeling, en slegs die mens kan onderskeidend dink (Van der Walt *et al.*, 1977: 99). Die staatsverband kom in hierdie bestaanswyse in die tipiese nasionale en politieke denke wat die owerheid en onderdaan saambind, tot uiting. Dit beteken nie noodwendig dat almal eenders dink nie, maar wel 'n verbandsdenke wat op die skepping van 'n openbare mening uitloop (Spier, 1946: 75-78).

2.2.2.5.2.7 Die historiese bestaanswyse (vorming)

(Kyk ook 2.2.2.2: Die funderingsfunksie van die staat.) Elke staat is besig om geskiedenis en kultuur te vorm, en dit is ook die staat se plig om die besondere kultuur van sy territoriale gebied te beskerm en te help uitbrei. Elke volk het 'n eie kultuurbeoefening, en die staat moet dit beskerm en vertroetel (Spier, 1946: 78-84). Dit is trouens juis die kultuur wat die volk saamsnoer en die staat sterk maak. Elke volk het sy eie lewenstyl, gewoontes en maniere van doen.

2.2.2.5.2.8 Die linguistiese bestaanswyse (taal en simboliese betekening)

Die nasionale taal is wel nie die eiendom van die staat nie, maar die staat moet dit beskerm en help bevorder. Hier is verder ook simbole soos vlae, titels, kleure en wapens ter sprake (Spier, 1946: 84, 85). Die taal karakteriseer die mense wat dit praat, en Langenhoven het die taal die uitgedrukte siel van die volk, die één band wat 'n nasie heg, en die hoogste besitting van 'n volk, genoem (Pienaar, 1946: 337).

2.2.2.5.2.9 Die sosiale bestaanswyse (omgang)

Hierdie funksie van die staat kom na vore in die omgang van die owerheid met die onderdane maar ook wanneer die owerheid met ander owerhede skakel. Die staat moet dit vir die onderdane moontlik maak om spontaan onderling met mekaar te kan verkeer, en veral waar verskillende volksgroepe saamwoon, moet die staat weë vind wat die sosiale verkeer tussen die groepe nie laat vertroebel nie maar dit op 'n gesonde wyse laat plaasvind (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 493; Spier, 1946: 85, 86).

2.2.2.5.2.10 Die ekonomiese bestaanswyse (waardeafwegende besparing)

Die staat se ekonomiese funksie moet territoriaal gesien word en nie vanuit die winsmotief nie. Die staat moet geld bestee aan dinge wat nie winste afwerp nie, byvoorbeeld militêre toerusting en onderwys. Verder moet die staat belastings invorder, maar die las moet op almal gelyk druk. Die staat moet nie geld verkwis nie, maar dit spaarsaam gebruik.

Belangrik is ook die staat se beskikking oor die natuurlike hulpbronne van die land, byvoorbeeld water, steenkool en goud. Die ontginning en gebruik van hierdie bronne moet nie tot voordeel van enkele individue nie maar tot voordeel van die hele bevolking dien (Spier, 1946: 86, 87).

2.2.2.5.2.11 Die estetiese bestaanswyse (harmonie)

Die staat is verantwoordelik vir die integrering van die belange van al die verskillende instansies in die volksbedrywighede, byvoorbeeld die handel, nywerheid, navorsing, kultuur, ontspanning en opvoeding. Aristoteles het al gepraat van die politiek as 'n skone simfonie (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 479; Spier, 1946: 87-89). Uit die harmonie tussen al die verskillende belange word 'n mooi en harmoniese samelewing gevorm.

2.2.2.5.2.12 Die juridiese bestaanswyse (reg)

(Kyk ook 2.2.2.3, waar die juridiese bestaanswyse as bestemmingsfunksie van die staat beskryf word.) Die handhawing van die openbare reg en openbare belang moet deur die staat met mag afgedwing word. Die staat moet toesien dat elke individu en elke groep en samelewings-

verband sy soewereine reg kan beoefen maar aan die ander kant ook nie weer oortree deur in ander se regte en soewereiniteit in te meng nie (Spier, 1946: 89-90).

2.2.2.5.2.13 Die etiese bestaanswyse (liefde en morele)

Die staat moet trag om by sy burgers 'n liefde en gevoel van vaderlandsliefde vir hulle land te kweek. So sal 'n volk gelei kan word om vir vryheid te stry, maar ook vir reg en geregtigheid. Stoker (1967: 251) sien die etiese modaliteit veral in persoonsbehartiging tot uiting kom, naamlik hoe die een persoon 'n ander persoon 'behartig', sy belange soek en teenoor hom optree. Verder moet die onderdane aan die owerheid eer betoon, omdat dit God behaag om ons deur Hom te laat regeer. Waar onderlinge trou en verantwoordelikheid tussen mense heers, kom die harmonie in persoonsbehartiging na vore (Van der Walt, 1980: 92).

2.2.2.5.2.14 Die pistiese bestaanswyse (geloof en sekerheid)

Die staat mag hom nie van die godsdiens losmaak nie. Die Christelike staat moet sy Christelike karakter demonstreer, maar in sy eie interne aangeleenthede, en hy moet sy Christelikheid nie byvoorbeeld in die kerk of in die skool tot uiting laat kom nie (Van der Walt, 1984: 82).

Die staat moet God erken as hoër en sterker, as die Een van wie hy sy mag ontvang het en aan wie hy weer verantwoording moet doen. Die Christelike staat op aarde is reeds deel van die koninkryk van Christus en moet dus reeds 'n afskaduwing van Christus se koninkryk wees. Hoewel die Christelike staat dus nie op ander samelewingsverbande se terreine mag oortree nie, mag hy in sy

eie optrede in sy eie interne aangeleenthede nie neutraal bly nie (Van der Walt, 1984: 77).

Die staat het ook bande na buite, byvoorbeeld met die kerke, en moet toesien dat die een geloofsgroep nie oor die ander heers nie en die een samelewingsverband nie 'n ander oorheers nie. Die staat moet wel ook Christus verkondig, maar dit is nie sy taak om dit afdwingbaar te maak, byvoorbeeld op die skool nie. Die staat moet toesien dat daar godsdiensvryheid in sy territorium bestaan en dat kerke rustig met hulle taak kan voortgaan (Van der Walt, 1984: 81; Spier, 1946: 92-96).

2.2.2.5.3 Opsommend

Die staat is 'n samelewingsverband wat oor die hele spektrum van die (menslike) lewe funksioneer. In sommige bestaanswyses van die geskape werklikheid tree dit sterker na vore, en in ander tree dit weer meer op die agtergrond. Wat egter duidelik uit die voorafgaande struktuuranalise blyk, is dat die staat 'n samelewingsverband met 'n eie tipiese struktuur is. Die staat het 'n eie leidende funksie, naamlik die organisering van die swaardmag sodat reg en geregtigheid binne sy bepaalde grense gehandhaaf kan word.

Dit is vir die staat ook belangrik dat sy onderdane opgevoed sal word, maar vir hom gaan dit in eerste instansie oor die standaard en gehalte van die opvoeding. So groot is die staat se belang by die opvoedende skoolonderwys dat sy voortbestaan grootliks daarvan afhanklik is. Daarom is die staat gemoeid met skoolplig en wat daarmee saamhang, byvoorbeeld inspeksie (Van der Walt, 1980: 99, 100).

2.2.3 *Verdere analise van die staat as samelewingsverband*

2.2.3.1 Ter oriëntering

Voordat die verhouding tussen die staat en die skool onder die loep geneem word, is die volgende gesigspunte betreffende die staat van belang:

2.2.3.2 Die sondeval

Uit Christelike standpunt gesien is dit 'n moontlikheid dat die staat as gevolg van die sondeval in die loop van die geskiedenis ontstaan en ontwikkel het. Om die sonde in sy voortgang te stuit het God dan die staat ingestel (De Klerk, 1972: 323; Gen. 9: 5, 6).

Die staat is dus 'n primêre samelewingsverband in die sin dat God dit ingestel het, maar aangesien die funderingsfunksie (2.2.2.2) daarvan historiese magsvorming is, is daar 'n verskeidenheid van magsvorme soos dit op verskillende plekke verskillend ontwikkel het. Daarom is daar by die staat nie die strakheid van vorm soos by die huwelik en huisgesin, waar die vormingswerk van die mens 'n veel kleiner rol gespeel het nie.

Net soos alle samelewingsverbande wys die staat ook sinvol na God, in wie hy sy hoogste bestemming vind (Schoeman, 1978: 115). Daarom kan dit nooit los van Christus gesien word nie en moet die staat ook die teenstelling tussen lig en duisternis openbaar (Schoeman, 1978: 119). Dit sal seker ook nie moontlik wees dat alle state in dieselfde mate die koninkryk van Christus in hulle werksaamhede openbaar nie. Dooyeweerd (1969, III & IV: 420) sê dat die taak van die staat goed of sleg uitgevoer kan word maar dat dit hoegenaamd nie aan die geldigheid van die normatiewe funksies (leidende

en funderings-) daarvan afbreuk doen nie. Die roeping van die staat sal bly bestaan, al word dit deur geen staat erken of verwerklik nie (vgl. ook Potgieter, 1984: 4).

Die staat moet die sonde bestry, maar sy mag is altyd taakgebonde. Hy moet nie sy mag gebruik om handel te dryf of kerk te hou nie (Potgieter, 1984: 12, 13), maar hy moet daarmee die openbare orde reël en die reg van alle instansies in sy gebied handhaaf.

2.2.3.3 Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB)

Hierdie artikel lui onder meer soos volg: "Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede verorden het, omdat dit sy wil is dat die wêreld geregeer moet word deur wette en regeringe, sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied. Met die doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm. En hulle amp is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook om die hand te hou aan die heilige kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die antichris te gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat preek, sodat God deur elkeen geeer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel".

Polman (s.a.: 266) noem artikel 36 een van die mees omstrede artikels van die NGB en dat daar nog steeds baie diskussie oor gevoer word. Hierdie artikel word, volgens hom, deur vier beginsels beheers:

* Elke skepsel, ook die staat, moet God se eer soek. God self het die staat ingestel, en daarom moet die staat ook

die glorie van God verkondig.

* Die staat is in sy regering aan God se Woord en wet gebonde. Die ware en ewige reël tot geregtigheid is liefde tot God en liefde tot die naaste. Daarom moet die staat sorg dat daar vrede en rus in sy grense is.

* Die onderskeid tussen en die selfstandigheid van die staat en kerk moet gehandhaaf word. Hier merk Beets (1929: 271) op dat 'n onderskeid tussen staat en kerk nie beteken dat die staat en religie los van mekaar staan nie.

* Die Skrif eis voortdurende samewerking tussen die staat en die kerk. Die twee verbande stry nie teen mekaar nie maar streef na dieselfde doel. Die staat moet die kerk beskerm, en die kerk moet sy lidmate onder andere tot gehoorsaamheid aan die staat lei. Die staat gaan nie preek en sakramente bedien nie, en die kerk gaan op sy beurt nie die land regeer nie. Wat die onderwys betref, gaan die staat ook nie skole stig nie, maar hy gaan wel toesien dat die ouers hulle plig nakom.

Taljaard (1976: 239-241) beskou artikel 36 van die NGB as 'n artikel in die *kerk* se belydenis wat oor die *staat* se taak handel. Daarin gee die kerk uitdrukking aan *sy eie* siening van die staat se taak. Volgens Taljaard (1976: 241) kan die kerk alleen bepaal wat die taak van die kerk self is en wat die eksterne belange van die kerk is in soverre dit die staat raak. Daarom, sê Taljaard, moet in NGB, artikel 36 die aksent nie op die staat val nie maar op die kerk, en derhalwe is dit nodig, volgens hom, dat artikel 36 oorgeskryf moet word met die aksent op die regte plek.

Schulze (1984: 16-18) is van mening dat artikel 36 van die NGB geformuleer is in tye toe Nederland 'n staatskerk (dus

'n bevoorregte kerk) gehad het. Verder beweer hy dat die artikel geformuleer is na aanleiding van Ou-Testamentiese gegewens oor Israel, wat kerk en volk tegelyk was.

Hieruit kan afgelei word dat hy met Taljaard saamstem dat daar 'n herformulering van die artikel nodig is en wel in terme van resenter omstandighede.

Die verhouding tussen die staat en die kerk as instituut word ook in die Bybel aangedui, naamlik in Rom. 13: 1-6. Daarvolgens is daar geen gesag nie behalwe die wat van God af kom. Elkeen moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is, en iemand wat daarteen in opstand kom, rebelleer teen God (Taljaard, 1976: 240).

Uiteindelik kom Taljaard tot dieselfde slotsom as Polman, naamlik dat die kerk en staat twee samelewingsverbande is wat albei God se eer moet soek, wat moet saamwerk en nie mekaar moet teenstaan nie. Die kerk het die reg om die staat op tussenverbandelike wyse te waarsku en te vermaan indien hy dink dat die staat verkeerd optree; en die staat kan die kerk waarsku as hy dink dat die kerk fouteer. Die staat kan egter nie vir die kerk interne wette maak nie, en die kerk kan nie vir die staat voorskryf nie (Taljaard, 1976: 241).

Die staat kan niemand deur wetgewing godsdienstig maak nie, maar dit is geen rede waarom die staat God moet laat belaster en sy koninkryk ten gronde moet rig nie (Polman, s.a.: 281).

Die vraag ontstaan ook of die staat die skool kan dwing om Christelik te wees. Die antwoord lê daarin dat die staat, net soos die kerk, 'n dienaar van God is, maar hy hanteer 'n ander faset van die diens aan God. Die staat se taak is die hantering van die swaardmag onder leiding van die regverdigheidsfunksie. Die staat doen nie sendingwerk of evangelisasie

nie. Hy doen nie Woordverkondiging of bedien nie die sakramente nie. Die staat moet egter die ruimte en geleentheid vir die kerk skep om sy deel van die diens aan God te kan doen. Wat die skool betref, moet die staat dit vir die ouers moontlik maak om die skool op te rig wat hulle verlang. (Indien die ouers nie hulle plig in hierdie opsig volvoer nie, moet die staat die ouers opskerp om wel hulle plig na te kom.)

Dit is dus nie die taak van die staat om die gees en rigting van die skool te bepaal nie, en as die staat dus Christelikheid in die skool afdwing, mag dit vir die Christen in orde lyk, maar dit is oorskryding van sy grense en dus prinsipieel nie korrek nie.

2.2.4 *Die verhouding tussen die staat en die skool*

2.2.4.1 Inleiding

Die verhouding tussen die staat en die skool as samelewingsverbande sal die beste begryp word indien hulle vervlegting ten opsigte van al die bestaanswyses afsonderlik onder die vergrootglas geneem word.

2.2.4.2 Die aritmetiese bestaanswyse (hoeveelheid)

Aangesien die staat die handhawer van die reg en die beskermer van die openbare belang is, moet hy toesien dat daar genoeg skole en onderwysers is, sodat elke kind voldoende onderwys kan ontvang om sy potensiaal ten volle te ontwikkel.

Taljaard (1963: 101) beskou dit as 'n voorreg van die staat en meen dat die staat ook daarvoor toegerus is om te sorg vir genoeg skole en onderwysers, en wel in so 'n mate dat daar 'n onderwyskundig gesonde getalsverhouding tussen onderwysers en kinders bestaan, byvoorbeeld een onderwyser vir elke 25

leerlinge.

2.2.4.3 Die ruimtelike bestaanswyse (ruimte, kontinue uitgebreidheid)

Elke skool het 'n sekere ruimte nodig om te funksioneer. Daar is speelterreine, sportterreine en geboue nodig. Omdat die staat oor die middele beskik en moet toesien dat die openbare belang gehandhaaf word, moet hy toesien dat daar in die skool die nodige ruimte is sodat die onderwys in die skool higiënies kan plaasvind. So word daar van staatsweë bepaal dat in elke klaskamer byvoorbeeld ongeveer twee vierkante meter per leerling nodig is.

2.2.4.4 Die fisiese bestaanswyse (kontinue voortgang, materie)

Die skool het baie fisiese/materiële dinge nodig, byvoorbeeld onderwysmedia, en die staat moet dit voorsien. Die skool is 'n dinamiese en groeiende samelewingsverband, en die staat moet sorg dat daar vooruitgang is en nie agteruitgang nie. Dit kan die staat doen deur te sorg vir die nodige middele vir onder andere navorsing, kurrikulering en aanpassing by nuwe omstandighede.

2.2.4.5 Die biotiese bestaanswyse (lewe)

Die skool is 'n organies lewende gemeenskap. Biologies stam die kinders van die ouers af, en daarom moet die staat die ouer se reg in die skool se opvoeding en onderwys erken. Deur handhawing van die reg moet die staat die omstandighede in die skool leefbaar maak en die lewe beskerm. Opvoeding en onderwys kan makliker in die skool plaasvind as die kinders biologies nie te veel van mekaar verskil nie. Daar is byvoorbeeld kleuters en adolessente wat afsonderlik saamgegroepeer moet word, maar ook 'normale' en 'nie-normale' groepe. Daar

is in Suid-Afrika verder nog Afrikaanssprekende groepe, Engelssprekende groepe, Kleurlinggroepe, Indiërgroepe en die verskillende Swart bevolkingsgroepe. Daarom behoort die staat dit sterk te oorweeg om vir elke biologiese groep sy eie skole te voorsien (Bekker, s.a.: 1, 2).

2.2.4.6 Die psigiese bestaanswyse (gevoel)

Die staat moet die middele voorsien en geleenthede skep om die gevoelslewe en waarnemingsvermoë van die kind ten volle te laat ontwikkel. Die staat het die reg om van die skool te vra om *lojale* onderdane op te voed, onderdane wat hulle aan die landswette sal onderwerp en hulle land met liefde sal dien.

2.2.4.7 Die analitiese bestaanswyse (logiese denke en ontleding)

Aangesien slegs die mens subjek van analitiese denke kan wees (Spier, 1946: 76), is dit belangrik dat die skool hierdie funksie van die kind ten volle tot ontplooiing moet laat kom.

'n Lae peil van denke is vir die staat gevaarlik. Daarom moet 'n hoë standaard van logiese ontsluiting van die skool verwag word. Daarom kon die staat selfs sy onderdane verplig om skool te gaan, en op skool kan die staat weer 'n sekere peil van onderrig verwag. Daarom kan hy die skool inspekteer om vas te stel of die gestelde eise gehandhaaf word (Van der Walt, Dekker & Van Wyk, 1977: 236).

2.2.4.8 Die historiese bestaanswyse (vorming)

Die skool het ook deel aan die taak van kultuurvorming (Gen. 1: 28). Net soos die staat is die skool histories gefundeer en het in die loop van die geskiedenis ontstaan om die ouers in hulle *onderwystaak* by te staan (kyk 1.4 asook 6.2). Die

ouers het dus die reg om van die staat te eis dat daar rus en vrede in die land moet wees sodat rustig aan die kultuurtaak gewerk kan word. Verder moet die staat die eie kultuur beskerm en vertroetel. Die skool moet egter ook kultuur oordra (Muller, 1969: 112), en omdat elke skool in 'n bepaalde kultuur ingebed lê moet die staat as regshandhawer aan elke kultuurgroep sy eie skole gee (Heyns, s.a.: 9, 10).

Kultuur is die geakkumuleerde en steeds wisselende, samegestelde en gemeenskaplike besit van die mens (Heyns, 1982: 152). Heyns (1982: 368) kom ook tot die gevolgtrekking dat kulturele differensiasie (dus ook lewens- en wêreldbeskoulike differensiasie- P.J.S) die aangewese beginsel vir onderwysbeplanning in 'n land met 'n heterogene bevolking is.

2.2.4.9 Die linguistiese bestaanswyse (taal en simboliese betekening)

Hieronder ressorteer nie net die spreektaal nie maar ook alle vorme van gebaretaal en simbole. Waar meer as een taal in 'n land gepraat word, moet die staat sorg dat daar in die skool aan die verskillende tale reg geskied. Aangesien moedertaalonderwys dwarsdeur die wêreld as 'n vanselfsprekende opvoedingsbeginsel aanvaar word (Meyer, 1969: 88, 89), behoort die staat aan elke taalgroep sy eie skole te gee. Die taal is weliswaar nie die eiendom van die staat nie, maar die staat moet die 'nasionale' taal/tale beskerm en bevoordeel. Op sy beurt kan die staat van die skool eis om die 'nasionale' taal te koester en uit te bou en 'n liefde daarvoor by die kinders aan te wakker.

2.2.4.10 Die sosiale bestaanswyse (omgang)

In die skool is daar sosiale verkeer tussen individue onderling en ook tussen groepe met mekaar. Die staat moet gesonde onderlinge verkeer aanmoedig en waar hy kan, wrywing uitskakel.

Daarom moet die staat nie groepe wat met mekaar sal bots, in een skool saamdwing nie. Hier kan veral gewys word op die ontwrigting in skole in die VSA, waar integrasie in skole met geweld afgedwing is (Johnson, Collins, Dupuis & Johansen, 1975: 166, 167). Die staat kan egter weer op sy beurt van die skool verwag om gesonde onderlinge verkeer by die leerlinge aan te moedig sodat die een mens eerbied vir die ander sal hê.

2.2.4.11 Die ekonomiese bestaanswyse (waardeafwegende besparing)

Kragtens sy struktuurprinsipe is die staat toegerus om geld deur belastings te in (Strydom, 1967: 59, 60). Die staat beskik dus oor die openbare kas, en daar kan van hom verwag word om ruim by te dra tot die geld wat die skool benodig. Bingle (1969: 30) beskou die bydrae van die staat tot die onderwys nie as 'n lewensbeskoulike beginsel nie, maar dit wil voorkom of hy die staat as die belangrikste bydraer beskou. Die ouers betaal belasting en kan dus van die staat verwag om ruim by te dra tot die skoolonderwys en opvoeding van hulle kinders.

Dit is die reg van elke burger van die staat om op opvoeding en onderwys aanspraak te maak, en die staat moet die middele daarvoor skep.

Die staat het op sy beurt weer die reg om van die skool verantwoording te vra oor die gebruik van die geld wat hy beskikbaar stel. Die skool mag nie geld of materiaal verkwis nie.

2.2.4.12 Die estetiese bestaanwyse (harmonie)

Die kind moet van jongs af leer om in harmonie met alles en almal rondom hom te lewe, veral met sy medemens en die owerheid. Elke kind moet ook geleer word om die mooie en die

skone in die lewe te soek en 'n liefde daarvoor te ontwikkel.

Die staat kan 'n groot rol speel om in die skool 'n harmoniese saam-lewe te bewerkstellig deur nie botsende groepe saam te dwing nie. Die staat kan ook middele beskikbaar stel om kunsprestasies te beloon, kunsfeeste aan te moedig en 'n hoë premie op 'n harmoniese skool- en staatslewe te plaas.

2.2.4.13 Die juridiese bestaanswyse (reg)

(Kyk ook 2.2.2.3 vir die juridiese as die leidende funksie van die staat.)

Die staat moet op alle terreine die openbare reg handhaaf, dus ook in die skool. Die staat moet toesien dat die kind, ouer en onderwyser teen oorheersing beskerm word. Die kind het reg op opvoeding en onderwys op skool, en die staat moet toesien dat hy dit ontvang. Die ouer het seggenskap oor die kind, en die staat moet hom die geleentheid bied om sy seggenskap te kan uitoefen oor hoe en in watter gees en rigting die kind opgevoed moet word. In die skool het die onderwyser sy soewereine (professionele) reg oor metodiek, dissipline en ander professionele aangeleenthede. Die staat moet die onderwyser ook beskerm en sy regte verskans.

Aan die ander kant kan die staat van die skool verwag dat die kinders almal eenders behandel word, dat daar nie voortrekkery of diskriminasie is nie. Verder moet die staat homself ook beskerm deur van die skool te eis dat daar geen staatskadelike dinge onderrig word nie.

2.2.4.14 Die etiese bestaanswyse (liefde en die morele)

Dit is belangrik dat die etiese beginsel van liefde (naasteliefde, vaderlandsliefde, ouerliefde) in die skool beoefen

word. Die kind moet al gou op skool geleer word om aan sy naaste te doen soos hy wil hê dat sy naaste aan hom moet doen. Waar Kohlberg (1974: 5-16) die etiese lewe van die mens sien as die hoogste vlak van ontwikkeling waartoe hy kan kom, is, volgens Dooyeweerd (1969, III & IV: 500), die etiese nog weer van 'n laer vlak as die pistiese (geloofs-) funksie.

Hoewel die staat dwingend kan optree, moet sy optrede teenoor die skool liefdevol wees, en elke groep se aansprake moet geëerbiedig word.

2.2.4.15 Die pistiese bestaanswyse (geloof/sekerheid)

Slegs deur die vleesgeworde Woord, Jesus Christus, kan die mens God waarlik as die Soewereine in die lewe van die staat ken en eer. Die staat is ondergeskik aan die Koningskap van Jesus Christus (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 504) en kan nie van die geloofslewe van die volk losgemaak word nie. Die staat moet daarom die volk se geloofslewe beskerm, en op skool moet elke groep se geloofsuitlewing gewaarborg word. Die Christelike staat moet wel Christus verkondig, maar dit mag nie ander geloofsgroepe met geweld onderdruk soos wat die Romeine in die eerste eeue na Christus met die Christene of die Roomse Kerk met die Protestante tydens die Reformasie gemaak het nie. Die Christelike staat moet 'n beleid van godsdiensvryheid volg en die taak om die nie-Christelike groepe te evangeliseer aan die kerk oorlaat.

Die staat moet reeds 'n afskaduwing van die koninkryk van Christus wees en moet in al sy interne staatlike handelinge Christus verkondig. Hy moet egter verdraagsaam wees teenoor ander godsdienstige groepe en hulle regte op skool beskerm. Die staat kan nie aan die skool voorskryf watter godsdiens hy moet uitleef nie (Van der Walt, 1984: 81), maar kan wel

eis dat die pistiese bestaanswyse van die kind op skool in ooreenstemming met die ouers se wense ontsluit word.

2.2.5 *Gevolgtrekking in verband met die staat se rol in die bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool*

Uit die voorgaande kan enkele gevolgtrekkings gemaak word:

2.2.5.1 Die staat is 'n samelewingsverband met 'n eie inwendige struktuur, 'n eie Goddelike bouplan waarvolgens dit moet optree. Die staat moet onder andere die swaardmag hanteer en die juridiese reg handhaaf.

2.2.5.2 In die skool is daar verskillende groepe waarvan die reg gehandhaaf moet word, naamlik die ouers, die staat, die kerk, die leerlinge en die onderwysers.

2.2.5.3 Die staat het belang by die onderwys en opvoeding van die jeug van die volke binne sy grense, en daarom is hy, ook omdat hy die skatkis hanteer, saam met die ouers verantwoordelik vir die fisiese geriewe en middele vir 'n deeglike skooloopleiding.

2.2.5.4 Die staat moet toesien dat die geld wat hy vir die skool bestem, doeltreffend gebruik word.

2.2.5.5 Die staat moet deur 'n stelsel van inspeksie (of op 'n ander wyse) toesien dat die peil van die opvoeding en onderwys op skool van goeie standaard en gehalte is.

2.2.5.6 Die staat kan sy onderdane verplig om skool te gaan en kan selfs bepaal tot op watter peil hulle skoolpligtig is.

2.2.5.7 Die staat kan van die skool vra om gesonde nasionale en staatkundige beginsels te handhaaf - dus nasionale onderwys. Ter-

selfdertyd kan die staat staatsgevaarlike elemente in die skoolopvoeding verbied (Van Wyk, s.a.: 11).

2.2.5.8 Die staat is 'n dienskneg van God en behoort van die skool te eis om Christelike deugde by die kinders aan te wakker en sedebederwende praktyke te verbied (Van Wyk, s.a.: 11).

2.2.5.9 Die staat verrig sy funksie met betrekking tot die onderwys deur middel van 'n minister en 'n departement met amptenare. Die minister mag nie arbitrêr te werk gaan nie maar moet gedurig onder andere die advies en aanbevelings van die ouers-in-organisasie vra.

2.2.5.10 Die staat mag nie 'n sekere godsdiens op die skool afdwing nie en dus wesenlik ook nie die gees en rigting van die skool bepaal nie.

2.2.5.11 Wat die professionele sake van die skool betref, mag die staat ook nie aan die onderwyserskorps voorskryf nie. Sake soos metodiek en dissipline is aangeleenthede waaroor die staat geen seggenskap het nie. Indien hierdie aangeleenthede egter deur die skool op so 'n wyse gehanteer word dat die openbare belang daardeur geweld aangedoen word, soos byvoorbeeld as dissipline op 'n onmenslike wyse uitgeoefen word, is dit die plig van die staat om in te gryp en die ewewig te herstel.

2.2.5.12 Alhoewel die staat onder druk van omstandighede die grootste gedeelte van die geld vir die oprigting en instandhouding van skole voorsien, is die skool nooit in wese 'n staatskool nie, dit wil sê 'n skool wat deur die staat vir sy uitsluitlike doel opgerig en aangewend word nie.

2.2.5.13 Die staat, ouers, kerk en skool is nie mededingers om die mag en beheer oor die skool nie maar is medewerkers in die

koninkryk van Christus wat elk 'n ander faset van die breë of algemene opvoeding en onderwys van die kind behartig.

2.3 'N KORT HISTORIESE OORSKOUING VAN DIE VERHOUDING TUSSEN DIE STAAT EN DIE SKOOL, MET TOESPITSING OP DIE STAAT SE ROL IN DIE BEPALING VAN DIE GEES EN RIGTING VAN DIE SKOOL SE OPVOEDING EN ONDERWYS

2.3.1 *Inleiding*

Hierdie studie is nie histories nie, maar fundamenteel opvoedkundig van aard. Tog is dit nodig dat die bepaling van die gees en rigting van die skool ook kortliks in historiese perspektief geplaas word om vas te stel in watter mate die staat in die loop van die geskiedenis 'n bepaler van die gees en rigting van die skoolopvoeding en -onderwys was - dus: Hoe het dit gebeur dat die staat so diep en omvattend in die skoolonderwys betrokke geraak het?

Ten eerste sal die verhouding in die primitiewe staat as die begin van die staat-skoolverhouding beskou word. Daarna sal op hierdie verhouding by die Grieke en Romeine gelet word, omdat hulle eintlik die bakermat van die Westerse beskawing was. Aandag sal ook aan die Joodse beskawing gegee word, omdat hulle aan die wêreld 'n Bybelse (Ou-Testamentiese) verhouding tussen staat en skool gegee het.

Dit is ook belangrik om op die verhouding staat-skool tydens die Middeleeue en die Renaissance te let, daarna in die moderne tyd, en dan is daar veral 'n aantal lande waarvan die hedendaagse skoolstelsels onder die loep geneem word. Sommige van hierdie lande is kultureel baie nou aan Suid-Afrika verbonde, naamlik Nederland en Brittanje. Die Verenigde State van Amerika het weer die afgelope dekades so 'n groot leiersrol in die Westerse wêreld gespeel dat die staat-skoolverhouding aldaar nie oor die hoof gesien kan word nie. Ten laaste sal ook oorsigtelik bepaal

word wat die staat-skoolverhouding in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika self was.

2.3.2 *Die staat-skoolverhouding in die vroegste tye*

Elke moderne regering besef vandag dat die onderwys die vernaamste sleutel is tot die kulturele, sedelike en godsdienstige krag van 'n nasie en tot 'n gesonde staatshuishouding en algemene vooruitgang (Boshoff, 1971: 14).

Maar was dit altyd die geval? Hoe het dit gekom dat die staat die onderwys so hoog aanslaan?

Oor die heel vroegste tye en oor hoe die staat as instelling ontstaan het (kyk ook 2.2.3.2), leer die wêreldse geskiedenis maar baie min. Na die sondeval het God die staat ingestel en het die staat histories uit die gesinsgesag via die patriargale gesag ontwikkel (Coetzee, 1973: 176). Die Bybel leer dat die geskiedenis met die eerste huisgesin, dié van Adam en Eva, begin het. In 'n sekere opsig was dit ook die eerste staat. Tog is die staat eers werklik in beginsel georden toe God sy verbond met Noag opgerig het (Gen. 9: 5-6; Du Plessis, 1941: 4). Daar het God die twee belangrikste beginsels waarop die staat rus, vasgelê, naamlik dat geregtigheid moet geskied en dat oortreders gestraf moet word. Op hierdie eenvoudige basis het al die latere tussenpersoonlike verhoudinge in die staat toe reeds bestaan. Toe reeds het individue getoon of hulle ander in ag kan neem en kan saamwerk en of hulle gedurig in botsing met ander en wesenlik krimineel is (Snyder & Wilson, 1949: 19).

Uit die verskillende gesinne het groter familiegroepe ontstaan, en so is 'n hele sosiale samelewing geskep. MacIver (1960: 33) sê dat uit die familiegroep 'n samelewing en uit die samelewing die staat gegroei het. Die gesag van die vader het op die ou end in die mag van die leier oorgegaan.

Hierdie oervorm van die staat wat nóú aan die familie-organisasie verbonde was, word ook die patriargale stelsel genoem. In dié stelsel het die stamvader leiding aan die hele familiegroep gegee. 'n Verdere kenmerk van die stelsel was die universaliteit van die patriargale leiding. Dit het die hele lewe van die groep ingesluit: sy godsdienstige, ekonomiese, sosiale en huislike lewe (Du Plessis, 1941: 4). Dit sou dus ook die opvoeding van die kinders ingesluit het, en daaruit kan afgelei word dat die staat hom reeds in sy oervorm met die opvoeding en onderwys - hoe primitief dit toe ook al was - en ook met die gees en rigting daarvan bemoei het.

Die patriargale stelsel was nie geskik vir die vestiging en uitbouing van 'n groep nie, aangesien die groep by die afsterwe van die aartsvader ontbind het. Uit die patriargale stelsel het 'n verdere ontwikkeling gekom: Die een patriarg en sy groep het heerskappy begin voer oor 'n ander patriarg en sy groep. Dié oorheersende patriarg het die titel van koning aangeneem, en so het die eerste monargie, wat oor 'n groot landgebied uitgesprei was en 'n stadstaat gevorm het, ontstaan (Du Plessis, 1941: 5-7).

Omdat die monarg/koning oor 'n groter oppervlakte heerskappy gevoer het en die kontak tussen die koning en onderdaan nie meer so onmiddellik was nie, was die koning se gesag nie so diepgaande as die van die patriarg nie. Om sy gesag egter te handhaaf het die monarg met 'n ysere hand begin regeer en 'n uitwendige gesagstelsel geskep. Dit het tot gevolg gehad dat daar ook van die monarg se kant voorskrifte en eise gestel is oor die opvoeding en onderrig van die jeug.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking geraak word dat die staat in sy oervorm al die lewensterreine van die mens beheers het. Die gesinshoof (vader), die familiehoof (patriarg) en die groepshoof (monarg) het baie seggenskap gehad oor diegene oor wie hulle respektiewelik gestel was. Daar is toe nog nie duidelik onderskei

tussen staat, kerk en gesin met elk sy eie terrein wat die opvoeding betref nie. Die leier (hoe hy ook al genoem is: vader, patriarg of monarg) het in al die sake leiding gegee, en die opvoeding en onderwys van die kinders en veral die gees en rigting daarvan sou sekerlik nie hiervan uitgesluit gewees het nie.

2.3.3 *Die staat-skoolverhouding by die Grieke van die antieke tye*

2.3.3.1 Inleiding

Dit is algemeen bekend dat die Griekse beskawing die bakermat van die moderne beskawing vorm. Volgens Bowen (1972: 43) was dit die Grieke wat radikaal met die ou wêreld gebreek het. Hulle het die patriargale stelsel vir goed laat vaar en 'n staatbestel van veel groter omvang op alle gebiede ingestel. As gevolg van die bergagtigheid van die gebied het florerende klein stadstaatjies ontstaan, elk met 'n eie stadskultuur, wat mekaar deur onderlinge verkeer beïnvloed het (Gutek, 1972: 14; Du Plessis, 1941: 9).

2.3.3.2 Die staat-skoolverhouding by Sparta en Atene

Sparta en Atene het nog nie die Skrifopenbaring van die enige ware God geken nie, en daarom kon hulle, net soos die heidense patriarge nie 'n korrekte verhouding tussen die staat en skoolonderwys handhaaf nie.

In beide Sparta en Atene is die staat verabsoluteer maar in elke geval op 'n ander wyse. Sparta het na 'n gewapende botsing met sy buurstate as oorwinnaar uit die stryd getree en moes voortdurend strydgereed wees om sy posisie te handhaaf (Bowen, 1972: 51). Daarom het die Spartaanse staat hom ook die verantwoordelikheid vir die opvoeding van die jeug toegeëien. Van die kind se sewende jaar af het die staat hom opgeëis en is die seuns in militêre eenhede ingedeel. Dit was

die begin van sy amptelike opvoedingsprogram, wat uit liggaamlike opvoeding bestaan het sodat geharde en dapper soldate gekweek kon word. Hulle moes pyn en ontbering kon verduur (Elliot & McDonald, 1950: 51, 52).

Die dogters is ook in diens van die staat opgelei as toekomstige vroue en moeders. Hulle moes ook liggaamlik ontwikkel, sodat hulle sterk en gesonde kinders in die wêreld kon bring. Een van Sparta se grootste wetgewers, Lycurgus, het opvoeding as een van die edelste en belangrikste take beskou maar gesê dat dit 'n taak van die staat is (Bowen, 1972: 55; Elliot & McDonald, 1950: 48).

Volgens Potgieter (s.a.: 82) was daar in Atene 'n ewewigtiger opvoeding, want hulle wou die kinders nie net liggaamlik opvoed nie maar ook geestelik. Daarom was daar so vroeg as 496 v.C. al 'n skool in Atene (vgl. Bowen, 1972: 75).

Die Ateners wou deugsame mense opvoed. Vir hulle was 'n daad eers deugdelik as dit op insig gegrond was. Kennis het die goeie gebring, en verstandsopvoeding was baie belangrik. Maar nog belangriker was die feit dat die mens nooit partikulier gesien moet word nie maar altyd in staatsverband. Dit het die mens belangrik gemaak (sy burgerskap), en die mens kon alleen in staatsverband deugdelik optree. Die kinders moes daarom *vir die staat* opgevoed word. Die staat was immers oppermagtig en *kon geen fout maak nie* (Coetzee, 1970: 42; Plato, 1902: 67).

Die Ateners het die vrou as 'n swakker wese as die man beskou en het haar opvoeding baie verwaarloos. Die vroue het nie politieke regte gehad nie, en onder politiek het hulle onder andere ook nog sosiologie, etiek en teologie verstaan. Die Ateense seun, daarenteen, is van sy sewende jaar af tot sy sestiende jaar deur die sogenaamde meesters of grammatiste

opgevoed, en daarna het sy militêre diens begin (Plato, 1902: 221, 222; Gutek, 1972: 27; McIlwain, 1955: 22).

In sowel Sparta as Atene is die kind dus *vir* en *deur* die staat opgevoed. Die ouers het wel tot die kind se sewende jaar aanspraak op hom gehad, maar daarna het die staat oorgeneem en het die ouer geen sê meer gehad nie, allermins oor die gees en rigting van sy opleiding. Die staat het alles beheer en ook die gees en rigting van alle onderwys bepaal.

2.3.4 *Die staat-skoolverhouding by die Romeine*

As bouers van 'n wêreldryk was die Romeine praktiese mense. Bewys hiervan is hulle paaiestelsel, regstelsel, militêre prestasies en die administrasie van hulle groot imperium. Dit is net logies dat iets hiervan 'n neerslag in hulle onderwys sou vind. Die maatstaf in die Romein se lewe was die praktiese, die nuttige en bruikbare, en daarom was die opvoeding van die jeug ook prakties gerig (Meyer, 1972: 41).

Anders as by die Grieke is die gesinslewe by die Romeine in hoë eer gehou. Die moeder het 'n ereplek beklee, en die vader se gesag is tot by sy dood gehandhaaf (Coetzee, 1970: 64, 67). Aanvanklik was die huis die enigste opvoedingsmilieu, maar langsamerhand het daar teen omstreeks die 3de eeu v.C. skole deur privaatinisiatief ontstaan (Meyer, 1972: 43).

Cordasco (1970: 16, 17) deel mee dat hoewel skole aanvanklik nie deur staatsgesag tot stand gebring is nie en daar ook nie staatskontrole oor die skole was nie, die staat langsamerhand die onderwys geheel en al begin beheer het. Aanvanklik het dit op die uitbreiding van die voorregte van die onderwysers deur onder andere keiser Konstantyn betrekking gehad. In 376 v.C. is daar van staatsweë 'n 'salarisskaal' vir onderwysers voorgeskryf, en later het die staat sekere voorwaardes en opleidings-

vereistes gestel voordat iemand onderwys kon gee. In 425 n.C. is die saak deur Theodosius verder gevoer toe hy bepaal het dat die staat die enigste gesag was wat skole kon stig en beheer. Die stigting van privaatskole is verbied, en die staat was in volle beheer van die onderwys - aldus Cordasco.

Dit is dus duidelik dat die Romeinse staat hom aanvanklik nie aan die onderwys gesteur het nie maar dat hy tog, namate die landsgrense uitgebrei het en dit al moeiliker geword het om die ryk te beheer, toenemend op die onderwys 'beslag gelê' het totdat hy dit op die ou end geheel en al beheer het. Die staat het mense nodig gehad om sy groot ryk in stand te hou, en deur middel van die onderwys kon hy mense oplei deur wie hy sy politieke magsposisie sou kon handhaaf.

Van 'n toestand waar die ouers eers alles oor hulle kinders se opvoeding en onderwys te sê gehad het, het dit ontwikkel tot 'n situasie waar die staat alles beheer het, selfs die gees en rigting daarvan.

2.3.5 *Die staat-skoolverhouding by Ou Israel en in die Joodse opvoeding*

Dit val al gou op dat die Jode 'n totaal ander benadering van die onderwys as die Grieke en Romeine gehad het. Deuteronomium 6 : 4-8 karakteriseer die Joodse opvoeding as in die eerste plek 'n opvoeding na "bo", na God toe en ten tweede as 'n taak van die ouers.

Die Joodse opvoeding was Joods godsdienstig, en vir die gelowige Jood was die aardse lewe slegs tydelik en 'n voorbereiding vir die hiernamaals. Hierdie voorbereiding kon vir die Jood slegs geskied deur wetsvervulling. Die eerste voorkeur in die onderwys en opvoeding was dan ook om die Wet te vervul (Potgieter, s.a.: 51).

Israel het 'n teokratiese staatsgesag gehad; daar was geen wesenlike onderskeiding tussen staat en kerk nie. God self was die Koning en het sy wette aan sy volk gegee. Deur sy Woord en profete het Hy sy volk gelei en soos 'n vader vir hulle gesorg, terwyl hulle, as sy kinders, Hom uit liefde moes dien (Coetzee, 1970: 26).

Die feit dat die Joodse lewe geïntegreerd was in die sin dat nie altyd duidelik tussen staat en kerk gedifferensieer is nie, het meegebring dat die staat en kerk wat die formele skoolonderrig betref, nie teenoor mekaar gestaan het nie. Hulle het tewens eerder langs mekaar gestaan en mekaar aangevul, want albei het in diens van God gestaan. Daarom was 'n Joodse leier meestal nie net op een terrein leier nie maar met betrekking tot die hele spektrum van die lewe, byvoorbeeld Moses, Dawid en Salomo.

Hoe verkeerd die Jode soms ook al die verordeninge van God toegepas het (byvoorbeeld die Fariseërs), was daar steeds die besef dat die ouers 'n plig gehad het wat nagekom moes word. As voorbeeld word verwys na Mordegai as opvoeder van Ester (Ester 2: 7) en Eunice, die moeder van Timotheüs (2 Tim. 1: 5).

Hoewel die staat, kerk en ouerhuis by veral die Ou-Testamentiese Jode nog nie baie duidelik gedifferensieer was nie, het elkeen tog 'n plig ten opsigte van die opvoeding en onderwys van die kinders gehad.

2.3.6 *Die staat-skoolverhouding tydens die Middeleeue*

Die Middeleeue strek van die val van die Romeinse Ryk in die 6de eeu n.C. tot ongeveer die middel van die 14de eeu, toe daar 'n groot verandering in die mens se denke gekom het.

Na die val van die Romeinse wêreldryk is die destydse politieke eenheid verbreek en het die feodale stelsel ontstaan. Die eens

magtige ryk het nou in talle kleinere state verbrokkel en hulle was gedurig in botsing met mekaar, sodat daar nie meer politieke eenheid was nie (Gutek, 1972: 66). Die gevolg hiervan was dat regerings nie meer vertroue ingeboesem het nie en die staat in die ekonomie, sosiale lewe, politiek en opvoeding al meer na die agtergrond verskuif is.

Een van die grootste behoeftes van daardie tyd was opvoeding, maar omdat die staat al hoe meer op die agtergrond getree het, het die onderwys uit sy hande geraak. Die kerk het weer al hoe meer op die voorgrond getree, en teen die einde van die Middeleeue was daar 'n uitgebreide 'onderwysopset' waarin die staat geen sê gehad het nie (Boyd & King, 1975: 99). Selfs die sogenaamde paleisskole, waarvan die van Karel die Grote die belangrikste was, is deur die kerk beheer. In die geval van Karel die Grote se skool is dit deur die monnik Alcuines beheer. Daar was ook sogenaamde ridderskole en skole waar die een of ander ambag geleer kon word, maar almal was kerklik georiënteerd (Gutek, 1972: 69).

Dit blyk dus dat die Middeleeuse mens teokraties georiënteerd was: vir hom moes die samelewing deur die "geestelike" (in die geval die kerk) beheers word. Die staat moes op feitlik alle terreine op die agtergrond tree. Op die gebied van die onderwys het die staat al sy mag aan die kerk afgestaan, en die kerk het die gees en rigting van die Middeleeuse skool bepaal.

2.3.7 *Die staat-skoolverhouding tydens die Renaissance*

Gutek (1972: 100) noem die Renaissance 'n politieke konsolidasie van die destydse wêreld. Uit die Heilige Romeinse Ryk het daar nasionale state soos Frankryk, Spanje en die Nederlande ontstaan. Hierdie 'wêreldlike' regerings het weer die onderwys vir hulleself probeer terugwen. Berkhof en De Jongh (1967: 120) toon aan dat daar gedurende die Renaissance 'n groep sterk

heerserspersoonlikhede en nasionale leiers na vore getree het. Hulle het nie belang by die voortbestaan van die Keiserryk in die algemeen gehad nie maar wel by die uitbou en voortbestaan van hulle eie nasionale state. Hulle het elk 'n eie staatsdiens nodig gehad en kon dit alleen deur onderwys tot stand bring. Teen die einde van die Middeleeue was daar reeds 'n groot aantal skole onder die beheer van sulke 'wêreldlike' regeerders (Boyd & King, 1975: 126).

In die nuwe nasionale state het 'n nuwe nasionale liefde gebloei, en dit is dus nie vreemd dat die moedertaal en ook die eie letterkunde en vaderlandsliefde in die skole ingebring is nie (Coetzee, 1970: 155).

Na die Middeleeuse monopolie oor die onderwys van byna 'n duisend jaar het die kerk met die aanbreek van die Renaissance sy invloed grootliks verloor, sodat die staat weer sy beheer oor onderwyssake begin terugwen het en daarmee saam die bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys van die skool.

2.3.8 *Afleiding*

Dit is duidelik dat daar oor die tydperk van die begin van die opgetekende geskiedenis af tot en met die Renaissance hoofsaaklik twee magte was wat die onderwys beheer het. Aanvanklik was dit die staat, wat eers in sy oervorm en later in sy moderner gestalte (alle) seggenskap oor die onderwys gehad het. Tydens die Middeleeue het die kerk weer (alle) seggenskap oor die onderwys gehad. Die Jode was egter 'n uitsondering in hierdie situasie, want by hulle is die ouer se seggenskap oor die kind steeds gehandhaaf (Spr. 1 : 8) ten spyte daarvan dat daar nog nie duidelike differensiasie tussen die verskillende samelewingsverbande was nie.

Die beheer oor die onderwys en by implikasie oor die gees en

rigting daarvan het tot in die 14de eeu n.C. 'n twispunt tussen die staat en die kerk gebly.

2.3.9 *Die moderne tyd*

2.3.9.1 Inleiding

Na die Renaissance word die moderne geskiedenis betree. In die periode het die staat en die kerk nie minder aanspraak op die skool gemaak nie, maar daar het nou 'n derde mag na vore getree wat toenemend seggenskap oor die opvoeding en onderwys op skool begin eis het, naamlik die ouers. Hierdie derde mag het hoofsaaklik in die Protestantse lande na vore getree. Dit is algemene kennis dat die Roomse Kerk nooit sy aanspraak op die onderwys afgesweer het nie en verder dat die kommunistiese en sosialistiese lande die onderwys nog altyd as 'n staatsvoorrang beskou.

Om nou die aandeel van die staat in die bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys van die skool in die moderne tyd te ondersoek, word die onderwysstelsels van 'n aantal moderne lande onder die loep geneem. Agtereenvolgens sal die onderwysstelsels van Nederland, Engeland en die Verenigde State van Amerika bekyk word.

2.3.9.2 Die staat-skoolverhouding in die Nederlandse onderwys

Dit blyk by nadere ondersoek dat daar in Nederland twee stelsels bestaan waardeur die onderwyssake betreffende die primêre of basisonderwys en die voortgesette of sekondêre onderwys, gereël word.

Daar is ten eerste 'n stelsel van openbare skole wat geheel en al deur die staat beheer word (Idenburg, 1964: 301, 302) en waarin uitvoering gegee word aan die grondwet wat bepaal:

"Het onderwijs is een voorwerp van de aanhoudende zorg der regering". Van staatsweë word bepaal dat die openbare skole neutraal moet wees wat gees en rigting betref.

Maar die grondwet bepaal ook: "Het openbare onderwijs wordt, met eerbiediging van ieders godsdienstige begrippen, by de wet geregeld" (Ministerie van Onderwys, 1960: 7). Om hieraan uitvoering te gee is daar 'n stelsel van 'Besondere Skole'. Hierdie skole word ook uit die openbare kas bekostig, en dit staan enige persoon of groep persone vry om so 'n 'Besondere Skool' te stig, mits daar aan sekere vereistes voldoen word, byvoorbeeld die voorskrifte aangaande die aantal kinders en die permanentheid van die skool. Dit is die prerogatief van die persoon of persone wat die skool gestig het om die onderwysers daar aan te stel of te ontslaan en ook om die gees en rigting van die opvoeding en onderwys in die skool te bepaal (Kalsbeek, 1976: 233).

Die Nederlandse skoolstelsel erken dus sowel die reg van die staat as die van die ouers om die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool te bepaal.

2.3.9.3 Die staat-skoolverhouding in die Engelse onderwysstelsel

Jare lank het die liberale opvatting van geen inmenging in die belange van die individu en die kerk die denke in Engeland oorheers en is die onderwys beskou as 'n saak waarby die staat sy hande moet tuis hou (Good & Teller, 1969: 401 ; kyk in die verband ook Duvenage (1972(a): 86), waar die absolute waardigheid van die individu as die sentrale beginsel van die Liberalisme uiteengesit word.

Weens verskeie omstandighede is al groter eise aan die onderwys gestel en het die Britse volk besef dat die onderwys eintlik 'n nasionale saak is waarin die staatsgesag uitgebrei be-

hoort te word (Evans, 1975: 28). Die Butler Act van 1944 is gevolglik die belangrikste gebeure op onderwysgebied in Engeland tot op daardie tydstip. Die wet het die verantwoordelikheid vir die onderwys in Engeland vierkantig op die skouers van die staat geplaas. Die staat sou voortaan die geld voorsien en die makroönderwysbeleid bepaal (Good & Teller, 1969: 418). Die staat het hom egter van baie dinge weerhou. Hy het byvoorbeeld nie die handboeke voorgeskryf nie, nie bepaal watter vakke gegee moet word nie, nie onderwysers aangestel of ontslaan nie en ook nie die gees en rigting van die skool bepaal nie (Dent, 1969: 40).

Ten opsigte van die graafskapskole bepaal die staat net dat dit nie denominasionele godsdiensonderwys mag gee nie en verder word die skole in die hande van die Local Educational Authorities (LEA's) gelaat, met die opdrag dat die ouers se wense in die graafskapskole in ag geneem moet word.

In die geval van die sogenaamde 'Voluntary Schools' het die staat minder seggenskap, veral ten opsigte van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys aan daardie skole. Soos die staat egter toenemend al meer finansiële steun gee, verkry hy al meer seggenskap, ook oor die vrywillige skole (Evans, 1975: 66).

Net soos in Nederland het die staat in Engeland volle beheer oor die onderwys, maar hy oefen nie sy magte ten volle uit nie. In albei lande is daar weë waarlangs aan die ouer erkenning gegee kan word sodat die staat nie alles oorheers nie, veral nie die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool nie. In Nederland kry die ouer beheer oor die gees en rigting van die skoolonderwys van sy kind deur middel van die 'Besondere Onderwys'; in Engeland deur middel van die 'Voluntary Schools'.

2.3.9.4 Die staat-skoolverhouding in die Verenigde state van Amerika (VSA)

Die geskiedenis van die onderwys in die VSA toon dat daar 'n geleidelike oorgang was van die ouerseggenskap oor die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool na staatseggenskap daaroor. Volgens Good & Teller (1969: 430) is die onderwys in die vroegste geskiedenis van die VSA as 'n taak van die ouerhuis en die kerk gesien. Die staat moes sy hande tuis hou.

Sedert 1867, toe daar die eerste keer 'n onderwysdepartement (die Buro vir Onderwys) in die lewe geroep is, het die staat op sowel federale as statevlak al meer mag oor die onderwys gekry namate dit toenemend tot die finansiering van die onderwys bygedra het (Hillesheim & Merril, 1971: 226; Hughes, 1970: 329).

Die staat het veral gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu sterk op die voorgrond getree wat die openbare onderwys betref en spreek vandag die hoogste woord oor die opvoeding en onderwys aan die openbare skool (Johnson, Collins, Dupuis & Johansen, 1979: 48, 49).

Een van die belangrikste kenmerke van die opvoeding en onderwys in die openbare skool is die stempel van neutraliteit wat die staat op die gees en rigting daarvan afdruk (Johnson *et al.*, 1979: 169). Eintlik het die onderwys in die VSA vandag 'n speelbal van die politiek geword. So is die skool byvoorbeeld in 1954 gebruik om rasseïntegrasie op onderwysgebied af te dwing. Dit wil egter voorkom of die sogenaamde neutraliteit net geld wanneer dit die Christelike karakter betref, want die evolusieleer mag wel in die skool onderrig word, omdat dit wetenskap sou wees; maar die Bybelse skeppingsleer mag nie onderrig word nie, omdat dit godsdiens sou wees (Johnson *et al.*, 1975: 160; Jooste, 1983: 16, 17).

Indien die ouers in die VSA enige seggenskap oor die gees en rigting van die opvoedende skoolonderwys van hulle kinders wil hê, moet hulle hulle na privaatskole wend en uit eie sak daarvoor betaal. Baie ouers doen dit dan ook.

2.3.9.5 Slotsom

Die ouer se reg op die bepaling van die gees en rigting van sy kind se opvoeding en onderwys op skool is 'n saak wat in die Westerse lande eers betreklik onlangs na vore getree het. In Nederland en Engeland is daar weë waarlangs die ouer die gees en rigting van sy kind se opvoeding en onderwys in die openbare skool kan beïnvloed. In die neutrale staatskole van die VSA bepaal die staat egter die gees en rigting, en daar moet die ouer vir die staat terugstaan.

2.3.9.6 Die staat-skoolverhouding in die Republiek van Suid-Afrika (RSA) tot 1967

In die paragraaf gaan daar net aan die onderwysgeskiedenis van Transvaal en die Kaapprovinsie aandag gegee word. Die rede is omdat van 1652 tot ongeveer 1852 die onderwysgeskiedenis in Suid-Afrika hoofsaaklik in die Kaapprovinsie afgespeel het. Transvaal is weer op sy beurt die provinsie met die grootste Blanke-onderwysdepartement in die Republiek van Suid-Afrika.

Dit wil voorkom of die VOIC aanvanklik nie veel bemoeienis met die onderwys aan die Kaap gemaak het nie. Eers in 1714 het De Chavonnes se sogenaamde Skoolordonnansie orde op onderwysgebied gebring, en daarvolgens het die staat aanspraak gemaak op die beheer oor die onderwys en dus ook oor die gees en rigting daarvan (Du Toit, 1975: 1, 9). Aangesien die staat, die kerk en die ouers almal die stempel van die Sinode van Dordrecht 1618-1619 gedra het, het dit gelyk of die staat sy gesag aan die kerk oorgedra het en dat die ouers ook te-

vrede was dat die kerk so 'n groot rol in die onderwys speel, met name wat die bepaling van die gees en rigting daarvan betref.

In 1804 het De Mist sy onderwyswet (Skoolorder) uitgevaardig en 'n groot verandering in die destydse skoolpraktyk gebring, veral wat die bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool betref, wat, volgens Atkinson (1978: 23) vreemd was aan die onderwystradisie aan die Kaap. Volgens De Mist was onderwys 'n staatsaak waarmee hy nasionale burgers moes kweek en nie meer 'n voorbereiding vir kerklidmaatskap nie. Die bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool is dus deur die staat oorgeneem en onder die invloed van die kerk uitgeneem (Du Toit, 1975: 34; Malherbe, 1925: 50-52).

Na die finale oorname van die Kaap deur die Engelse (1806) is Somerset na die Kaap gestuur om dit 'n permanente Britse basis te maak. In 1822 bepaal hy dat Engels voortaan die enigste offisiële taal in die Kaap sou wees (Van der Schijf, 1969: 70) en in 1839 bereik die sentralisasiebeleid van die Engelse 'n hoogtepunt met die aanstelling van James Rose-Innes as eerste Superintendent van Onderwys. Langham Dale en Thomas Muir het verder voortgeborduur op hierdie beleid van sentralisasie en verengelsing tot met Uniewording in 1910 (Du Toit, 1975: 67, 68, 87; Visagie, 1970: 103, 104).

Tydens die Groot Trek was daar geen georganiseerde skoolonderwys nie, en die ouers het alle verantwoordelikheid gedra. Dit was ook die toestand tydens die eerste jare na die vestiging van die trekgeselskappe. Die kinders het slegs onderwys ontvang met die oog op kerklidmaatskap, en die gees en rigting daarvan was gereformeerd godsdienstig (Barnard, 1979: 31-33).

Teen die vyftigerjare van die 19de eeu, toe die nomadiese

leefwyse van die trekgeselskappe gestabiliseer het, het die staat weer aanspraak op die onderwys begin maak. Die Transvaalse Volksraad het in 1858 bepaal dat onderwys 'n staatsaak is. T.F. Burgers het die onderwys verder gesentraliseer met die aanstelling van 'n Superintendent-Generaal van Onderwys (SGO) (Coetzee, 1941: 22-24; Barnard, 1979: 50).

Na die aanstelling van S.J. du Toit as SGO en na hom N. Mansvelt het Abraham Kuyper se standpunt dat God die kind aan die ouer gegee het, weer in die opvoeding en onderwys van die skool inslag gevind. Die skool is na die ouers gebring en die staat het slegs hulp in die vorm van geld verleen, maar die ouers het die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys bepaal (Van der Schijf, 1969: 114-117).

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (1899) is alle openbare onderwys gestaak. In die konsentrasiekampe het die Engelse owerheid die kinders egter begin verengels, en na die oorlog is hierdie beleid voortgesit. Van ouerseggenskap was daar in hierdie omstandighede geen sprake meer nie, en die veroweraar het die gees en rigting van die opvoeding en onderwys in die skool bepaal (Van der Schijf, 1969: 163).

Om hulle kinders teen hierdie invloed te beskerm is die sogenaamde CNO-skole gestig, sodat die ouers weer seggenskap oor die gees en rigting van hulle kinders se opvoeding en onderwys kon kry. Hierdie skole het egter weens geldtekort en die hoop wat baie ouers op die Smutswet van 1907 gestel het, doodgeloop (Barnard, 1979: 110, 111, 113-116).

2.3.9.7 Die staat-skoolverhouding kragtens Wet 39 van 1967

Wet 39 van 1967 (die Wet op nasionale onderwysbeleid) maak dit die eerste keer sedert Uniewording vir die sentrale regering moontlik om die beheer oor alle vorme van onderwys in die land

te verkry (Barnard, 1979: 40).

Voortaan sou onderwyssake nie meer provinsiaal behartig word nie, maar wel by wyse van wetgewing deur die parlement. Hierdie wet was die begin van die ministeriële prerogatief oor die onderwys - dus 'n verdere sentralisering onder die staat se toesig.

Die onderwys is die eerste keer in die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis 'n saak van die parlement gemaak, en daar is in beginsel gebreek met die federale onderwysbeheer wat in 1910 met Uniewording neergelê is (Bingle, s.a.: 3, 4). By Bingle het daar egter die vraag ontstaan of dit nie maar net die eerste paaiement van 'n volledige staatsoorname van die onderwys was nie.

Een van die belangrikste bepalings van Wet 39 van 1967 is artikel 2(1)(a), wat bepaal "dat die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, 'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge geëerbiedig moet word wat betref godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede" (Bingle, 1970: 26).

Die staat het hom dus die reg toegeëien om die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys te bepaal. Verder is dit ook belangrik om die vraag te stel of dit werklik die staat se plig was om namens die ouers te kies of die onderwys Christelik moet wees. Gesien in die lig van die struktuuranalise van die staat (vgl. 2.2.2) is dit moontlik dat die staat met hierdie bepalinge sy grense oorskry het.

2.3.9.8 Die RGN-ondersoek na die onderwys in die RSA (1981)

2.3.9.8.1 Oriëntering

Op 25 Junie 1980 het die kabinet die RGN versoek om 'n diepgaande ondersoek na die onderwys in die RSA in al sy fasette in te stel (RGN, 1981: 1). Die gevolg hiervan was die sogenaamde De Langeverslag (Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys, Julie 1981), wat in Oktober 1981 verskyn het. Dit het weer die sogenaamde *Tussentydse memorandum* van die regering (Republiek van Suid-Afrika. Tussentydse memorandum oor die verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die ondersoek na onderwysvoorsiening in die RSA) tot gevolg gehad asook die Afrikaner-Onderwyskongres in Maart 1982. Daarna het gevolg die sogenaamde witskrif (Advies van die Tussentydse Onderwystaakgroep na aanleiding van die verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys en kommentaar daarop deur die publiek) in November 1982.*

Die 'De Langeverslag' beklemtoon die staat se oorheersende rol in die onderwysbeheer (RGN, 1981: 196 e.v.) en, soos

---

*Hierdie publikasie is die jongste onderwysgeskrif wat in die studie gebruik word. Daar het sedertdien verdere publikasies verskyn, byvoorbeeld die Transvaalse Ontwerpordonnansie in 1984 en die Wetenskapskomitee van die Presidentsraad se verslag oor informele, formele en nie-formele onderwys (1984), maar in daardie stadium was die studie in so 'n mate van afronding dat hierdie 'nuwe' geskrifte nie geïnkorporeer kon word nie.

verder aan sal blyk, ook 'n oorheersende rol wat die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys betref (kyk 2.3.9.8.4). Die drievlakpatroon wat deur die RGN aanbeveel is, sou soos volg funksioneer:

2.3.9.8.2 Die eerste vlak

Daar is ten eerste 'n onderwysdepartement met 'n minister aan die hoof, en hy is verantwoordelik vir die breë onderwysbeleid, wat op die beginsel van gelyke geleenthede, gehalte en standaarde vir alle groepe gebaseer moet word. Volgens die De Langeverslag (RGN, 1981: 197) is onderwysvoorsiening 'n fundamentele funksie van die staat, en die finansiering daarvan kan die beste deur 'n enkele ministerie behartig word. Die minister sal verantwoordelik wees vir die makro-onderwysbeleid betreffende onderwysvoorsiening, onderwysfinansiering, diensvoorwaardes vir onderwysers, onderwysstandaarde, versameling van inligting oor onderwyssake en internasionale onderwysverhoudings (RGN, 1981: 197, 198).

Op die eerste vlak kan daar al sprake wees van bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool waar dit internasionale onderwysverhoudings geld en selfs ook waar dit onderwysvoorsiening, onderwysstandaarde en diensvoorwaardes raak.

2.3.9.8.3 Die tweede vlak

Vir elke demografiese streek moet daar 'n eie onderwysowerheid geskep word wat verteenwoordigend is van die inwoners van daardie streek. Die liggaam sal 'n soort onderwysdepartement wees met 'n direkteur van onderwys aan die hoof. Deur middel van die Direkteur sal die tweedevlaksake die werking van die onderwys in daardie bepaalde streek binne die grense wat deur die breë makrobeleid neergelê is, behartig (RGN,

1981: 201, 202).

Dit wil voorkom of op hierdie vlak 'n mate van ouerbeheer gaan wees, maar waarskynlik word hier eerder etniese groepsverband bedoel as wat daar van ouerseggenskap oor die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool sprake is.

2.3.9.8.4 Die derde vlak

Op hierdie vlak sal die sogenaamde skoolbeheerrade funksioneer, en hulle sal op die plaaslike vlak optree. Hulle optrede sal egter op een lyn moet lê met die makrobeleid wat deur die eerste- en tweedevlakowerhede neergelê is. Die staat sal die ouerrade so lei dat hulle net kragtens 'n keuse tussen 'n aantal gestelde moontlikhede sal moet werk (RGN, 1981: 203).

Die De Langeverslag beveel dus eintlik 'n gesentraliseerde onderwysstelsel aan wat saamgetrek word in die persoon van die eerstevlakminister, wat as gemeenskaplike minister vir al die bevolkingsgroepe sal optree (RGN, 1981: 197).

2.3.9.9 Die tussentydse memorandum van die regering oor die verslag van die Hoofkomitee van die RGN, 1981

In Oktober 1981 het die regering by wyse van 'n *Tussentydse Memorandum* voorlopige kommentaar op die RGN-verslag gelewer. In die memorandum verklaar die regering dat hy die voorgestelde beginsels van die RGN-verslag met sekere voorbehoude aanvaar. Die regering het dit onomwonde gestel dat enige onderwysverandering sal moet inpas by die staatkundige raamwerk waarin geleef word, dat die regering hou by die Christelike karakter en breë nasionale karakter van die onderwys vir die Blankes soos geformuleer in die "Wet op nasionale onderwysbeleid van 1967", dat die beginsel van moedertaalonderrig hoë voorkeur

moet kry en dat elke volksgroep sy eie onderwysowerheid moet hê (Truter, 1982: 4, 5).

Die memorandum beliggaam 'n belangrike beginseluitspraak van die regering deurdat hy vir hom die reg toegeëien het om, wat die onderwys vir die Blankes betref, die gees en rigting daarvan te bepaal.

2.3.9.10 Die Afrikaner-Onderwyskongres te Bloemfontein (Maart 1982)

Op die Afrikaner-Onderwyskongres (1982) is sowel die aanbevelings van die De Langeverslag as die regering se kommentaar daarop in die *Tussentydse memorandum* deeglik onder die loep geneem. Eloff (1982: 243, 244) kom in sy referaat tydens die kongres tot die gevolgtrekking dat, volgens die aanbevelings in die De Langeverslag, die staat nog steeds die hoogste woord in onderwyssake sal spreek. Daar sal wel ouerrade wees, maar watter besluite die rade ook al mag neem, dit sal nog steeds deur departementele amptenare omvergewerp kan word.

Op die kongres is bepaalde besluite geneem wat as aanbevelings na die Minister van Nasionale Opvoeding gestuur is. Een van die besluite was dat die ouer medeseggenskap moet hê in die bepaling van die gees en rigting van die opvoedende skoolonderwys (Reëlingskomitee van die Afrikaner-Onderwyskongres, 1982: 278, 279).

2.3.9.11 Advies van die tussentydse onderwystaakgroep na aanleiding van die verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys en kommentaar daarop deur die publiek (November 1982) (Witskrif van die regering)

Die regering het alle belanghebbendes uitgenooi om kommentaar te lewer op die De Langeverslag en om dit voor 31 Maart 1982 aan hom voor te lê. Om hierdie kommentaar te verwerk en die regering te adviseer oor die toepassing van die aanbevelings

van die De Langeverslag is 'n tussentydse Onderwystaakgroep aangestel. Die Onderwystaakgroep het in Oktober 1982 sy werk afgehandel, en die bevindings is op 23 November 1983 bekend gestel.

Uit die aanbevelings van die Onderwystaakgroep blyk dit dat die ouers geen werklike mag gaan hê nie. By die aanstelling van onderwysers sal hulle slegs adviserende mag hê (Onderwystaakgroep, 1982: 14). Ten spyte daarvan dat die kommentaar wat ontvang is, duidelik versoek het dat die ouers seggenskap behoort te hê in die bepaling van die godsdienstige en kulturele waardes en die karakter van die skool en sy personeel (Onderwystaakgroep, 1982: 13), word daar in die aanbevelings van die Onderwystaakgroep niks daarvan gemeld nie (Onderwystaakgroep, 1982: 14).

Dit wil dus voorkom of die ouers in die nuwe onderwysbedeling nie die gees en rigting van die opvoedende skoolonderwys deurslaggewend gaan bepaal of selfs seggenskap daarin gaan hê nie.

2.4 EVALUERING

2.4.1 *Prinsipieel*

In 2.2.4 is aangetoon hoe die staat prinsipieel betrokke is en behoort te wees by die opvoeding en onderwys in die skool. In hoofsaak bestaan die staat se aandeel in die onderwys daarin dat dit die grootste deel van die finansiële las moet dra; dat die staat moet sorg dat die regte van die verskillende partye, soos die ouers, onderwysers, kinders, kerk en die staat self, in die onderwys gehandhaaf word; dat sedebederwende elemente uit die skool geweer word en dat die standaard van die onderwys op skool van 'n gewenste gehalte moet wees.

2.4.2 *Verwerkliking van hierdie beginsels (2.3.10.1) in die praktyk in die geskiedenis*

Uit die kort historiese oorskouing (2.3) blyk dit dat die staat van die vroegste tot die moderne tyd in die skoolonderwys belanggestel het. Dikwels het hy die onderwysbeheer ingepalm en die onderwys vir sy eie doeleindes aangewend.

Die staat het 'n drieërlei taak in die onderwys, naamlik voorsiening van middele (soos geboue, salarisse), die handhawing van die reg en die bewaking van die goeie sedes en van die standaard en gehalte van onderrig (2.4.1). Deur die eeue heen het al drie hierdie take van die staat telkens in die gedrang gekom. Die staat wou telkens meer as slegs dit doen: hy wou naamlik ook die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool bepaal en selfs die skool vir politieke doeleindes gebruik. Dit was byvoorbeeld die geval by die Grieke en Romeine. Die staat het by hulle die kind as staatseiendom beskou, en die ouers het geen seggenskap oor hulle kinders se skoolonderwys en opvoeding gehad nie.

Gaan 'n mens nog verder terug in die geskiedenis, blyk dit dat die staat van die vroegste tye af seggenskap oor die onderwys wou hê. Tydens die patriargale stelsel was daar weliswaar nie amptelike skole nie, maar die patriarg het sy gesag tot in die huise van die groep laat geld.

By die Israeliete was dit egter anders gesteld. Hulle 'skoolopvoeding' was nie staatgerig nie maar Godgerig. In die proses van opvoeding na God toe is die ouers nie (soos by die Grieke en Romeine) uitgeskakel nie, maar die ouers was 'n baie belangrike vennoot in die onderwysgebeure.

In die Middeleeue is die staat se mag oor die onderwys vervang deur die van die kerk. Die kerk het skole (kloosterskole)

verskaf, die standaard en inhoud asook die gees en rigting van die opvoedende skoolonderwys bepaal. Die kerk het die staat totaal uit die onderwys verdring en selfs die reg in die skole gehandhaaf. Voor die Middeleeue het die staat hom telkens aan grensoorskryding skuldig gemaak, maar tydens die Middeleeue het die kerk hom weer daaraan skuldig gemaak.

Teen die Renaissance het die nasionale state mag begin terugwen. Die wêreldlike regeerders het skole begin voorsien en hulle vir politieke gewin gebruik. Die slinger het heeltemal na die kant van die staat oorgeswaai, soos dit tans ook in die VSA die geval is. Daar het die staat alles in die openbare skool te sê. As iemand nie daarmee tevrede is nie, moet hy uit eie sak vir privaatonderrig betaal.

Tog is daar in die moderne tyd ook 'n nuwe geluid in die onderwys hoorbaar. Ouerseggenskap het al meer op die voorgrond begin tree, en in Engeland en Nederland is dit moontlik om met staatsgeld skole te stig waar die ouers hulle regmatige plek in die onderwys kan inneem. Die staat voorsien die geld, handhaaf die reg en waak teen sedebederwende invloede en 'n te lae onderrigpeil, maar die ouers bepaal die gees en rigting van die opvoeding en onderwys in die 'Besondere Skole' (in Nederland) en die 'Voluntary Schools' (in Engeland). Dit is opvallend dat in Nederland die reg tot stigting van 'n 'Besondere Skool' nie aan 'n sekere groep of 'n bepaalde individu gegee word nie maar aan enige persoon of instansie wat dit wil doen. Daar is sekere vereistes en voorwaardes waaraan voldoen moet word, maar die ouers wat erns met die opvoeding van hulle kinders wil maak, het die geleentheid om hulle ouerlike verantwoordelikheid oor die onderwys van hulle kinders na te kom.

In die onderwysgeskiedenis is Suid-Afrika was die staat nie minder aktief in die toeëiening van die onderwys vir sy eie doeleindes nie. Reeds in 1714 het die staat begin wette maak vir

die onderwys. Tydens die trek- en pioniersjare het die staat tydelik op die agtergrond getree, maar spoedig na die vestiging van die Trekkers in die nuwe gebiede, het die staat in Transvaal die onderwys beheer. Slegs tydens die superintendentskap van S.J. du Toit en, na hom, N. Mansvelt het die ouers eers weer geleentheid gekry om hulle regte oor die onderwys van hulle kinders te laat geld, en daarna 'n kort rukkie toe die CNO-skole in swang was.

Vanaf Unifikasie in 1910 het die ouers egter weer al hoe meer op die agtergrond getree. Die Wet op nasionale onderwysbeleid van 1967 het begin om die ouer weer sy regmatige plek in die onderwys te laat inneem (artikel 2(1)(h)), maar die posisie was nog dermate onbevredigend dat die Afrikaner-Onderwyskongres van Maart 1982 nog steeds moes eis dat die ouer sy regmatige plek in die bepaling van die gees en rigting van sy kind se opvoeding en onderwys op skool moet kry.

Die advies van die Tussentydse Onderwystaakgroep (witskrif) wil laat blyk dat die ouer se reg om die gees en rigting van sy kind se opvoeding en onderwys op skool te bepaal in toekomstige onderwyswetgewing in Suid-Afrika hom weer eens ten gunste van staatsoorheersing ontneem gaan word.

2.5 TEN BESLUITE

Nadat die staat se aandeel in die opvoeding en onderwys van die kind op skool nou prinsipieel en histories bekyk is, kan daar nou in die volgende hoofstuk ondersoek ingestel word na die aandeel van die kerk in die opvoedende skoolonderwys van die kind.

3. DIE KERK AS BEPALER VAN DIE GEES EN RIGTING VAN DIE OPVOEDENDE ONDERWYS IN DIE SKOOL

3.1 INLEIDING

Daar word beoog om twee verdere oogmerke van die ondersoek in hierdie hoofstuk te bereik:

Ten eerste gaan gepoog word om prinsipieel vas te stel wat die plek van die kerk as instituut in die samelewing en daarmee saam ook sy verhouding tot die opvoeding en onderwys op skool is.

Ten tweede word beoog om vas te stel hoe die verhouding kerk-skool met die loop van die tyd in die praktyk tot uitdrukking gekom het. Dit kom dus daarop neer dat uit die geskiedenis vasgestel moet word hoe die korrekte prinsipiële verhouding tussen die kerk en die skool, veral met betrekking tot die vraagstuk van die bepaling van die gees en rigting van die skoolonderwys, in die praktyk in die geskiedenis òf gehandhaaf òf verontagsaam is.

3.2 PRINSIPIëLE FUNDERING

3.2.1 *Ter oriëntering*

Alvorens 'n struktuuranalise van die kerk as instituut gemaak kan word, is daar 'n aantal begrippe wat nader omskryf moet word.

3.2.1.1 'Transendent' en 'transendentaal'

Onder die begrip 'transendentaal' moet alles wat in die tyd veranker lê, alles wat die realiteit ten grondslag het, verstaan word. Dit sluit die geskape werklikheid soos dit in al die wetskringe geopenbaar word, in (Dooyeweerd, 1935, II & III: 51-53).

Schoeman (1983, 54) praat van die universele transendentale struktuur van die werklikheid of ook die modale verwysingsraamwerk waarbinne entiteite en strukture hulle aan die waarnemer voordoen. In sy soeke na kennis maak die wetenskaplike gebruik van wat genoem kan word die transendentaal-empiriese metode. Deur hierdie metode word die aandag toegespits op die grondleggende struktuur van die werklikheid. Dus, transendentaal is dit wat gerig is op die aardse en aan die kosmiese tyd gebonde is. So gesien, is die kerk as instituut transendentaal want dit is in die tydelike werklikheid veranker.

'Transendent', daarenteen, dui op alles wat bo die kosmiese tyd uitstyg. God is transendent, en al is Hy ook in hierdie wêreld, staan Hy nog bokant die kosmiese tydsorde (Dooyeweerd, 1935, II & III: 64-67). Schoeman (1983: 159) beskryf die mens as 'n wese waarvan die hart die konsentrasiepunt van al sy tydelike funksies is. Hierdie hart van die mens is hoegenaamd nie te vereenselwig met sy vleeslike hart nie, maar is in simboliese sin ten diepste 'n verwysing na die religieuse brandpunt van sy aards-tydelike bestaan. Dit beteken verder dat hoewel die mens deel van die geskape werklikheid is, hy anders as die res van die skepping is. Hy besit 'n transenderende geestelike sentrum waardeur hy bo sy ganse tydelike bestaan en alle gestruktureerde lewensverskynsels kan uitgaan. Die mens het dus 'n perspektief op die transendente en daarin verskil hy met alle ander geskape wesens.

Die sintotaliteit van die menslike bestaan is God tot wie se eer die mens geskep is. Hierdie sintotaliteit kan egter eers geken word wanneer dit volgens voorstanders van die Wysbegeerte van die Wetsidee deur die kosmiese tyd in die verskillende sinsye van die werklikheid of modaliteite opgebreek word. God het in die hart van die mens 'n besef van die botydelike gelê. Uit die mens se hart is die uitgange van die lewe. Met sy

hart dien die mens God; met sy hart bely hy aan die een kant sy swak menswees en aan die ander kant die transendente grootheid van God (Dooyeweerd, 1935, II & IV: 64-67; Spier, 1946: 62; vgl. ook Schoeman, 1983: 159).

Die kerk van Christus is onsigbaar, dit is transendent. Die mens kan selfs nie met sy hart in daardie verborgenheid van God indring nie. Die bruid van Christus, die onsigbare kerk, is dus transendent.

3.2.1.2 Sigbare en onsigbare kerk

Van die begin van die bestaan van die Christelike kerk af is die kerk beskou as die *una sancta ecclesia* en as die liggaam van Christus (Dooyeweerd, 1969,III & IV: 509). Daar is maar net een liggaam van Christus. As daar dus van 'n sigbare en onsigbare kerk gepraat word, word daarmee nie twee kerke bedoel nie; dit is maar net twee fasette van dieselfde saak (Spier, 1946: 198, 199).

Dooyeweerd (1969,III & IV: 519) verenig hom met Calvyn se opvatting dat die onsigbare kerk die geestelike liggaam van Christus is, die uitverkore heiliges deur God in Christus tot saligheid uitverkies.

Die onsigbare kerk is in sy geheel nie waarneembaar nie, want dit is oor die hele wêreld verspreid en is in alle tye aanwesig. Die onsigbare kerk is die volk van God en die tempel van die Heilige Gees (Heyns, 1977: 185, 189) en sal met die wederkoms van Christus eers werklik verwesenlik word.

Wat die sigbare kerk betref, sluit Dooyeweerd (1969,III & IV: 519) hom ook by Calvyn aan. Die sigbare kerk is naamlik 'n tydsgebonde instituut met 'n eie interne struktuurwet, wat in die Nuwe Testament geopenbaar word. Die eie interne organi-

sasie van die kerk as instituut is onlosmaaklik aan die Bybel en die geloofsbelydenis gebonde. Die sigbare kerk is as een van die samelewingsverbande net 'n ander openbaringsvorm van die een kerk van Christus (Spier, 1946: 199).

Die sigbare kerk is baie ruimer as die institutêre kerk. Alle samelewingsverbande is deel van die sigbare kerk vir sover hierdie verbande uit, deur en tot Christus lewe. So is die Christelike staat of Christelike huwelik ook deel van die sigbare kerk (Spier, 1946: 200).

Die kerk as instituut behoort ook tot die sigbare kerk en is die openbaring van die liggaam van Christus maar is nie die enigste openbaring daarvan nie. Die kerk as instituut beklee egter 'n sentrale plek in die Christelike gemeenskapslewe omdat dit 'n besondere opdrag het, naamlik Woordverkondiging en die bediening van die sakramente (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 525, 526; Spier, 1946: 201).

Die kerk waaroor in hierdie ondersoek gehandel word, is die sigbare kerk, die tydelik georganiseerde instituut wat as samelewingsverband die opdrag het om die Woord te verkondig en die sakramente te bedien.

3.2.2 *Struktuuranalise van die kerk as instituut*

3.2.2.1 Inleiding

Die kerk as instituut is 'n samelewingsverband met 'n eie struktuur, 'n eie opdrag en 'n eie bestaansreg. Dit is soewerein (selfstandig) en mag nie deur die sekulêre owerheid oorheers of geregeer word nie. Die institutêre kerk staan onder die heerskappy van Christus en moet kragtens sy inwendige struktuur geregeer word (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 579). Die kerk as instituut mag egter ook nie sy grense oorskry en die

ander samelewingsverbande oorheers nie (Taljaard, 1963: 108).

3.2.2.2 Die funderingsfunksie van die kerk as instituut

As instituut is die kerk in die historiese modaliteit gefundeer. Jesus Christus het self (Matt. 29 : 19) aan die kerk die opdrag gegee om die Woord aan alle volke en nasies te verkondig en die sakramente te bedien (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 536, 537). Hierdie opdrag aan die kerk as instituut beklemtoon dat die kerk 'n afgebakende terrein van bevoegdheid het. Terselfdertyd wys dit ook heen na die transendente wortel van die kerk, naamlik Jesus Christus en sy koninkryk in die harte van mense.

Die mag van die kerk as instituut is gewortel in die historiese feit van Christus as die vleesgeworde Woord. Christus het die swaardmag van die Woord aan die kerk gegee. Die mag is egter geestelik van aard en is nie aan territoriale grense gebonde nie (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 537).

Die koninkryk van Christus bestaan nie uit geboue, strukture en wette nie maar uit al die wedergeborenes wat geroep is om Christus se Koningskap uit te leef en om aan die wêreld te verkondig dat Hy uit die dood opgestaan het en alles en in almal sal wees (De Graaf, 1976: 19).

3.2.2.3 Die bestemmingsfunksie (leidende funksie) van die kerk as instituut

Die bestemmingsfunksie van die kerk as instituut word in die geloof (dus in die pistiese) gevind. Die kerk as instituut is immers kragtens sy opdrag van Woord- en sakramentsbediening 'n geloofsgemeenskap. Die lidmate is saam georganiseer in 'n institutêre kerk omdat hulle dieselfde geloof en belydenis het, al is daar in sommige opsigte verskille, byvoorbeeld

nasionaliteit, taal, leeftyd, stand en so meer (Spier, 1946: 204).

Die geloof, wat die bestemming van die kerk as instituut bepaal, dra 'n grenskarakter: dit beteken dat alles wat geskape is, déúr die pistiese heenwys na die botydelike, die transendente, die Oorsprong van alles wat geskep is (Taljaard, 1963: 204, 205).

Volgens Dooyeweerd (1969, III & IV: 540) kan die kerk slegs as instituut belydeniskerk wees. Sodra ander leidende funksies bykom, soos byvoorbeeld om die volk deur middel van 'n staatskerk te probeer verenig, is die kerk besig om te verval.

Die kerk se belydenis word deur mense opgestel, en daarom sal verskillende groepe mense verskillende belydenisse hê. Die verskille word veroorsaak deur faktore soos nasionaliteit, kultuur en opvoeding. Solank die verskille egter nie die kern van die Christelike geloof aantas nie, is hulle onbelangrik. As dit egter gaan om groot verskille oor grondliggende sake (soos byvoorbeeld tussen Calvinisme en Rooms-Katolisisme), tree die jammerlike toestand van kerkverskeurdheid in (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 541, 542).

3.2.2.4 Die gesag van die kerk

Christus het self aan Pilatus gesê dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie (Joh. 18 : 36). As instituut het die kerk wel ampsdraers, en hulle gesag verskil radikaal van die gesag van byvoorbeeld die staat. Die owerheidsgesag is primêr heersend; daarteenoor is die kerklike gesag dienend, want dit is pisties bepaald (Taljaard, 1963: 111).

As hoof van sy koninkryk is Christus die enigste gesagsdraer in sy kerk. In die kerk as instituut gebruik Hy egter mense

as ampsdraers om déúr hulle die kerk te regeer. Hy het ook voorskrifte gegee oor hoe elkeen hom in sy koninkryk moet gedra, en hierdie voorskrifte word in sy Woord gevind (Van der Linde, 1983: 1).

Die ampsdraers moet toesien dat hierdie voorskrifte nagekom word sodat daar orde in die koninkryk sal wees. Die ampsdraers is slegs diensknegte, gesante of bodes wat moet deurgee wat Christus in sy Woord beveel (Van der Linde, 1983: 8).

Die ampsdraers in die kerk as instituut beskik nie oor die swaardmag van militêre geweld soos die staat nie maar oor die mag van die Woord, wat tot die ewige lewe of tot die ewige dood sny (HK, vr. en antw. 92). Die kerklike gesag geld dus vir die harte van mense en nie vir 'n bepaalde territorium nie.

Daarom kan die kerk geen inmenging deur die staat (of enige ander samelewingsverband) in sy gesagsfeer duld nie, want dan sal dit die kerk in sy wese aantas (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 545).

3.2.2.5 Hoe die kerk as instituut hom in al die verskillende bestaanswyses (wetskringe) op tipiese wyse uitdruk

3.2.2.5.1 Inleiding

Net soos alle ander samelewingsverbande openbaar die kerk hom nie net in die modaliteite van sy fundering en bestemming nie maar in al die modaliteite en die korresponderende wetskringe van die tydelike werklikheid.

3.2.2.5.2 Die aritmetiese bestaanswyse (hoeveelheid)

Die kerk as instituut het met getalle te doen. Elke kerk bestaan uit 'n aantal lidmate. Selfs die onsigbare kerk het

sy getal uitverkorenes, en wanneer hierdie getal vol is, sal Christus sy koninkryk vir ewig bevestig. Die sigbare kerk het verder op baie terreine met getalle te doen. So bestaan die kerk/gemeente uit 'n aantal wyke en elke wyk uit 'n aantal besoekpunte, gesinne en lidmate (Spier, 1946: 68, 69).

3.2.2.5.3 Die ruimtelike bestaanswyse (ruimte, kontinue uitgebreidheid)

Die kerk as instituut is gebonde aan die ruimtelike van die geskape werklikheid. Hoewel die kerk nie aan territoriale grense gebonde is nie, het elke gemeente normaalweg grense, en elke wyk is weer 'n eie ruimtelike gebied. Elke kerkgebou het ruimtelike afmetings (Spier, 1946: 69, 70).

3.2.2.5.4 Die fisiese bestaanswyse (kontinue voortgang/materie)

God het in die kerk ook beweging gelê. As gevolg van die Woordverkondiging en die werking van die Heilige Gees is daar ook groei in die geloofslewe van elke individu en in die lewe van elke plaaslike kerk. Die koninkryk van Christus mag nie verstar nie maar moet na sy voleinding toe groei. Hiermee saam is daar ook fisiese voorwerpe waarmee die kerk te doen het, byvoorbeeld eiendom, 'n gebou en 'n orrel.

3.2.2.5.5 Die biotiese bestaanswyse (lewe)

Elke plaaslike gemeente is 'n eie lewende gemeenskap van ouers en kinders. Daar is biotiese groei van dopeling na belydende lidmaat. Elke lidmaat is 'n lewende wese, en deur Christus seëvier die lewe oor die dood (1 Kor. 15 : 20). God is die Skepper en Onderhouer van alle lewe, en Hy het van die mens 'n lewende siel (mens) gemaak (Gen. 2 : 7). Die kerk moet deur die lewende Woord 'n lewende gemeenskap bly.

3.2.2.5.6 Die psigiese bestaanswyse (gevoel)

Vir die kerk as instituut is die affektiewe baie belangrik. Die grondwet van die Christendom is deur Jesus Christus self in Matt. 22 : 37-40 gegee, naamlik liefde tot God en liefde tot die naaste (vgl. ook De Graaf, 1976: 22). Die kerk is 'n liefdesgemeenskap en moet as sodanig lewe, maar in die kerklike lewe moet daar ook ander gevoelens wees, byvoorbeeld 'n gevoel van samehorigheid (gemeenskap van die heiliges), eerbied en piëteit teenoor God en ook afsku vir die sonde. Kinders moet aan hulle ouers gehoorsaam wees en hulle eerbiedig.

3.2.2.5.7 Die analitiese bestaanswyse (logiese denke/ontleding)

Die kerk as instituut druk hom as 'n tipiese denkgemeenskap uit. Die profeet sê in Hosea 4 : 6 dat sy volk verlore gaan weens 'n gebrek aan kennis, en daarmee word bedoel kennis van God en van sy werke. Alle denke kom deur die Gees van God (Job 32 : 8). Hoe kan die mens iets begryp van die wonders van die Volmaakte in kennis (Job 37 : 16)? Dit is onmoontlik om God te dien as jy Hom nie ken nie; daarom is daar vir die kinders in die kerk ook onderrig, naamlik kategese.

Die lidmate van die kerk besef dat hulle nog "deur 'n spieël in 'n raaisel kyk", dat hulle logika hier benede nog onvolmaak is maar dat hulle reeds moet lewe in die verwagting van die Volmaakte wat sal kom. Alles sal vir hulle duidelik wees wanneer hulle van aangesig tot aangesig sal sien.

3.2.2.5.8 Die historiese bestaanswyse (vorming)

Die kerk as instituut het ook sy eie geskiedenis en lewer ook 'n bydrae tot kultuurvorming. Daar is die prediking,

die Bybeltaal wat in die taal 'n groot rol gespeel het en nog speel. Daar is die Psalm-, Skrif- en Gesangeberyming, geboue en meubels asook handelinge soos byvoorbeeld die doop, belydenisaflegging en liturgiese handelinge.

3.2.2.5.9 Die linguistiese bestaanswyse (taal en simboliese betekening)

Hier word nie net woordtaal bedoel nie maar ook alle simboliese handelinge, byvoorbeeld die nagmaal, of ook simboliese voorwerpe, soos die betekenis van die kruis, die brood en die wyn van die nagmaal en water by die doop.

Die kerk het egter ook sy 'eie' taal en idioom. Tog is daar geen amptelike kerktaal nie, maar elke plaaslike kerk moet die taal van sy lidmate gebruik sodat die lidmate kan *verstaan*, want God wil Hom juis só openbaar (Spier, 1946: 84, 85).

3.2.2.5.10 Die sosiale bestaanswyse (omgang)

Die kerk as instituut het ook sy eie omgangsaspek. Waar mense met mekaar in aanraking kom, is daar omgang. Die kerk is 'n heilige vergadering van ware gelowiges (NGB, art. 27) en beoefen die gemeenskap van gelowiges (HK, Sondag 38). Die gemeente is 'n groep, en daarom is daar sosiale verkeer onderling en ook met God. Hierdie omgang moet geskied volgens die Wet van God, naamlik liefde tot God en liefde vir die naaste (Spier, 1946: 85, 86).

3.2.2.5.11 Die ekonomiese bestaanswyse (waardeafwegende besparing)

Die kerk bestaan as instituut in die wêreld, en daar sal dus ook aardse behoeftes wees. Een daarvan is geld. Die kerk moet geboue koop, mense betaal en die armes versorg. Die kerk se ekonomie is egter nie op wins ingestel nie, en

sy inkomste kom nie uit dwang soos die van die staat nie maar word uit liefde en gehoorsaamheid aan Christus deur die lidmate bygedra.

Die kerk gebruik egter ook ander middele, soos kragte, tyd en energie van lidmate. In elke opsig moet die beginsel wees dat alles aan God behoort en dat die mense slegs leners en rentmeesters van die materiële dinge is.

3.2.2.5.12 Die estetiese bestaanswyse (harmonie)

Die kerk as instituut vertoon ook 'n estetiese synswyse. Die kerk is gedurig besig om harmonie te soek en te bewerkstellig teenoor die disharmonie wat die sonde in die wêreld gebring het. Die kerk se taak is nie in die eerste plek om kuns te skep nie maar om Christus te verkondig. In Hom alleen kan weer volkome harmonie geskep word. Die kerkgeboue, kerkmusiek en -sang en die Bybel dra alles by om skoonheid en harmonie te bewerkstellig.

3.2.2.5.13 Die juridiese bestaanswyse (reg)

Die kerkorde het die ordelike funksionering van die kerk as instituut ten doel (Van der Linde, 1983: 7). Daarom mag of kan dit nie met die landswette bots nie. Die kerkreg moet die reg tussen lidmate handhaaf veral waar dit die Woordverkondiging en bediening van die sakramente betref (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 555). Christus het met sy bloed al sy uitverkorenes regverdig gemaak, en die kerk moet in hierdie regverdigmaking bly voortbestaan.

3.2.2.5.14 Die etiese bestaanswyse (die liefde en die morele)

Onder 'liefde' word hier nie die liefdesemosie *eros* verstaan nie maar die liefde tot God en liefde vir die naaste. Die

kerk as instituut is 'n liefdesgemeenskap van Christus se volgelinge, en hier val alle sosiale en nasionale verskille weg. Christus eis al die liefde van sy onderdane.

Die liefde in die kerkgemeenskap is, hoe onvolmaak ook al, een van die vrugte van die geloof. Die Christelike liefde is op Christus se priesterlike werk gegrond (Dooyeweerd, 1969, III: 449, 450).

Die kerk as instituut moet hom beywer vir goeie sedes, 'n hoë moreel onder sy lidmate en om die goeie na te streef. Vir die Christelike kerk is die goeie die soeke van die eer van God.

3.2.2.5.15 Die pistiese bestaanswyse (geloof/sekerheid)

Geloof en godsdiens is nie dieselfde nie. Geloof is een van die baie maniere, die 'hoogste' menslike synswyse, waarop God gedien kan word.

Godsdiens is diens aan God op alle terreine, byvoorbeeld die van die denke, die ekonomiese, die historiese en die estetiese. Dit is diens aan God met die mens se hele hart. Geloof, daarenteen, is slegs diens aan God op een besondere terrein, in die soeke na kennis wat vir waaragtig en seker gehou word. Geloof is 'n tydelike funksie en kenmerkend van alle mense. 'Ongeloof' beteken nie nie-geloof nie maar dui op 'n verkeerd gerigte (apostatiese) geloof. Geloof is in hierdie tydelike bestaan die sekerheid in verband met die vaste grond van alle dinge. Die geloof gee antwoord op die vraag: "Wat is die oorsprong van alle dinge?" Daarvoor is openbaring van die Oorsprong nodig. Geloof is op openbaring gebou, en die Christengelowige vind die openbaring in die Woord van die drie-enige God (Spier, 1946: 94).

3.2.2.6 Kategese as kerklike opvoedings- en onderwysverantwoordelikheid

Die kerk het 'n eiesoortige belang by die opvoeding van sy lidmate, veral van die kinders, wat deur hulle ouers ten doop gehou is. Kragtens die doopbelofte moet die kinders in die geloofskennis opgevoed word, en hierdie soort kerklik onderrigtende opvoeding staan as kategese bekend (Van der Walt, 1980: 102).

Onder kategese word verstaan die diens van die kerk wat aan die jeug van die gemeente verrig word om hulle in die verborgenhede van die geloof in te lei om hulle op hierdie wyse van die doop na die nagmaal te lei. Dit is dus onderrig en meer bepaald mondelinge onderrig van die kinders van die gemeente in die geloofswaarhede van die Bybel (Jooste, 1965: 9, 10).

Die kerk dra die verantwoordelikheid vir die kategese en tree gewoonlik deur middel van die ampte op. Die gesag oor hierdie opvoeding het die kerk van Christus ontvang. Die ouers kan egter nie uitgeskakel word nie, en die kerk moet hulle gedurig opskerp tot en ook toesig hou daaroor dat huiskategese nie verwaarloos word nie (Jooste, 1965: 44, 45).

Op die kategeet rus 'n groot verantwoordelikheid. Die kinders moet onder die besef gebring word dat godsdiens die hoogste krag in die lewe is. Daarom moet sy onderrig só wees dat die leerinhoud in die persoon van die kategeet vlees en bloed word (Coetzee, 1947: 72). Verder moet die kategeet gebruik maak van al die hulpwetenskappe van die kategese, soos psigologie en opvoedkunde, waardeur hy sy katkisasielesse so kan inrig dat dit vir die kind bevatlik is.

Die kerk moet altyd onthou dat kategese vir kinders bedoel is en dat hulle as kinders benader moet word. Hulle moet in die waarhede van God se Woord ingelei word (Jooste, 1965: 29).

Die kategese wil nie net kennis aan die kind verskaf nie maar sy innerlike behoeftes bevredig deur die verskaffing van geestelike voedsel. Dit moet die kinders ook beskerm deurdat hulle só toegerus word dat hulle die wapens van Gods Woord in die lewenstryd sal kan gebruik (Jooste, 1965: 38).

Met die doop van hulle kindertjies lê die ouers 'n belofte af om hulle kinders "in hierdie leer" (die Protestants-Christelike, P.J.S.) na hulle "vermoë te onderrig of te laat onderrig". Die kategetiese onderrig is 'n gedeeltelike nakoming van daardie belofte. Die Bybel maak self ook dikwels gewag van die onderrig van die kinders in die heilswaarhede, byvoorbeeld in Hand. 18 : 25; Deut. 6 : 7; Spr. 7 : 1, 2.

Kategese is dus vir die kerk van groot belang, want dit is bepalend vir sy toekomstige lidmate en dus belangrik vir sy eie (voort)bestaan.

3.2.2.7 Die verhouding tussen die kerk en die opvoeding en onderwys in die skool

3.2.2.7.1 Inleiding

Die kerk as instituut het nie net by die kerklike of kategetiese opvoeding van die lidmate belang nie maar ook by die gewone skoolonderrig van die kinders van die gemeente.

Net soos die staat die reg het om oor die standaard van die skoolonderwys te waak, het die kerk die reg om oor die Christelike karakter daarvan toesig te hou. Soos die kerk as instituut tussenverbandelik 'n vermanende woord tot die owerheid kan rig, so kan die plaaslike kerk ook die plaaslike skool vermaan. Die kerk kan egter nie teen enige optrede van die skool regstreeks tug toepas nie, want dan maak hy hom aan grensoorskryding skuldig. Die kerk kan wel onreg-

streeks teen die skool optree deur sy lidmate wat ook die ouers van die skool se kinders is (Taljaard, 1963: 115, 116).

3.2.2.7.1.1 Die Gereformeerde Kerk

In die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk is daar verskillende artikels wat oor die skoolonderwys handel, naamlik artikel 21, 41 en 44 (vgl. Van der Linde, 1983: 85, 156, 162). Op die Nasionale Sinode van 1961 het die Gereformeerde Kerk 'n beleidsverklaring insake die onderwys uitgereik, en daarin is gekonstateer dat die kerk as kerk geen seggenskap oor die skool het nie. Die kerk kan slegs deur sy lidmate wat ook ouers van kinders in die skool is, toesien dat die skool Christelik is en bly (Acta, 1961: 469).

Op die Sinode van 1964 is die taak van die kerk ten opsigte van die skool nog duideliker uitgestippel. Die kerk het naamlik alleen belang by daardie skole waarby sy lidmate (ouers en kinders) betrokke is (Acta, 1964: 345). Die bemoeienis van die kerk met die skool beteken nie dat die kerk skole moet oprig en beheer nie, want dan tree hy buite sy terrein. Van Wyk (s.a.: 10) is van mening dat die kerk in noodgevalle wel tot skoolstigting kan oorgaan, byvoorbeeld op die sendingveld. Die kerk se taak ten opsigte van die skool is dus nie regstreeks nie, maar onregstreeks deur sy lidmate oor wie hy toesig het. Die toesig is nie bevelend nie maar 'n gedurige oortuigende, teregwysende en leidende aandrang by sy lidmate om hulle doopbelofte na te kom (Acta, 1964: 351).

Die rede of beginsel vir Christelike opvoeding en onderwys in 'n Christelike skool lê vir die Gereformeerde Kerk in die woorde van die doopbelofte: "in hierdie leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig" en dan veral

in die "laat onderrig". Die geloofsband in Jesus Christus is die enigste onmiddellike band tussen die kerk en die skool. Daarom is dit die roeping en die plig van die kerk om in alle opsigte toe te sien dat die Volheid van die lewe deur die geloof in Jesus Christus nie deur die ouers of die skool benadeel, bedreig of vernietig word nie maar dat dit juis gebou, bevorder en beveilig word. Die kerk moet dus deur die ouers werk en hulle tot handhawing van die doopbelofte opskerp (Acta, 1967: 554-559).

3.2.2.7.1.2 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se standpunt is dat die kerk aanvaar dat dit sy roeping is om toe te sien dat die opvoeding van sy jeug behoorlik en ooreenkomstig die Woord van God behartig word en dat aan die Bybel 'n sentrale plek in die skool gegee word. Die kerk erken die selfstandigheid van die skool maar het die reg en verantwoordelikheid om van die skool Christelike onderwys van sy jeug te verwag (Acta, 1974: 380). Die kerk se optrede ten opsigte van die skool sal derhalwe nie voorskrywend wees nie maar slegs vermanend, raadgewend en beïnvloedend. Die kerk sal steeds deur afvaardiging of in geskrif vertoë tot die betrokke owerhede en instansies rig wanneer dit nodig geag word (NG Kerk, s.a.: 12).

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk beskou dit ook nie as die taak van die kerk om skole te stig nie (behalwe in noodgevalle, soos byvoorbeeld op die sendingveld), maar deur Christelike beïnvloeding van sy lidmate moet die kerk die openbare skool op die regte pad hou (NG Kerk, s.a.: 25).

3.2.2.7.1.3 Die Nederduits Hervormde Kerk (NH Kerk)

In Die Kerkwet van die NH Kerk word bepaal (5.1.2) dat die kerk geroepe is om oor die opvoeding en onderwys van die jeug van die kerk en volk te waak en dat die kerk moet toesien dat die Christelike karakter van die skool gehandhaaf en uitgebou word.

Onderwys op formele vlak is 'n verantwoordelikheid van die staat met inspraak van die ouers en georganiseerde samelewing. Vir die NH Kerk is die Christelik-nasionale karakter van die Afrikaner se onderwys onvervreembaar (Notule, 1983: 109, 110).

Die NH Kerk is van mening dat die ouers, skool, staat en kerk in die behartiging van die onderwys en opvoeding op skool in vennootskap moet optree. Die gelowige lidmate moet voortdurend deur die kerk opgeroep word om vir die Christelike en nasionale beginsels in die onderwys te stry. Verder moet die kerk sy lidmate opskerp om doelbewus by onderwyssake betrokke te raak (Notule, 1983: 114). Die kerkrade en ampsdraers kan by skoolhoofde protesteer indien daar wanpraktyke by die skool plaasvind (Agenda, 1983: 211).

3.2.2.7.1.4 Die Apostoliese Geloofsending (AGS)

By navraag by die Hoofkantoor van die AGS is die navorser meegedeel dat die AGS nie oor 'n uitgewerkte stuk oor die verhouding tussen kerk en skool beskik nie maar dat hy die standpunt huldig dat daar onderhandeling tussen kerk en skool oor onderwysaangeleenthede moet wees.

3.2.2.7.1.5 Gevolgtrekking

Dit blyk dus dat die kerk by die gewone opvoeding en onderwys op skool belang het maar dat dit nie die kerk se taak is om in normale omstandighede skole te stig en te bedryf nie. Die verhouding tussen kerk en skool as twee soewereine samelewingsverbande sal die beste begryp word indien hulle vervlegting in al die verskillende bestaanswyses/modaliteite van die werklikheid van nader bekyk word.

3.2.2.7.2 Die vervlegting van kerk en skool in die verskillende bestaanswyses

3.2.2.7.2.1 Die aritmetiese bestaanswyse (hoeveelheid)

Dit is vir die kerk belangrik dat daar genoeg skole en onderwysers is om al die dooplidmate van die kerk te kan onderrig, want indien die skoolonderrig weens te min skole en onderwysers skade ly, is dit ook skadelik vir die kerk: lidmate wat nie intellektueel voldoende toegerus is nie, kan ook nie ten volle in die kerk meelewe nie.

3.2.2.7.2.2 Die ruimtelike bestaanswyse (kontinue uitgebreidheid/ruimte)

Hoewel die kerk nie werklik territoriaal gebonde is nie, funksioneer elke kerk tog binne bepaalde grense. Die kerk se belang by die onderwys sal dus uit die aard van die saak tot skole in sy ruimtelike gebied beperk word, veral daar die kerk slegs deur die ouers wat lidmate van die kerk is en wie se kinders op skool is, kan optree.

3.2.2.7.2.3 Die fisiese bestaanswyse (kontinue voortgang/materie)

Die skool het ook fisiese en materiële dinge nodig, en die kerk kan daarin help voorsien, byvoorbeeld met Bybels. Dis egter vir die kerk ook belangrik dat daar in die skool groei en voortgang op intellektuele gebied en op die gebied van die leerlinge se geloofslewe sal wees. Die kerk en skool moet saamwerk om die geloofslewe van elke kind te stimuleer sodat dit sal groei en toeneem.

3.2.2.7.2.4 Die biotiese bestaanswyse (lewe)

Die skool is 'n organies lewende gemeenskap. Biologies stam die skoolkinders van die ouers af, en daardie ouers is die kerk se lidmate. Dit is vir die kerk belangrik om diegene wat aan hom behoort, byeen te bring, en daarom is dit belangrik dat kinders van Christelike ouers in dieselfde skole byeengebring moet word (Duvenage, 1962: 239).

3.2.2.7.2.5 Die psigiese bestaanswyse (gevoel)

Die kerk het belang daarby dat die skool kinders opvoed wat lojaal is teenoor die kerk en wat God met al hulle kragte liefhet. Die kerk moet deur sy lidmate die skool so beïnvloed dat die kinders in die skool se affektiewe lewe in die regte Christelike bane gelei word. Die kinders moet leer om God en hulle naaste lief te hê, hulle meerderes te eerbiedig en gesag te aanvaar. Dan sal hulle ook God se gesag aanvaar.

3.2.2.7.2.6 Die analitiese bestaanswyse (logiese denke/ontleding)

Dit is vir die kerk belangrik dat die kinders van die gemeente intellektueel groei en ontwikkel. Om God te kan

dien moet Hy ook geken word, en daarom is dit vir die kerk baie belangrik dat die kinders se denklewe ontwikkel. Die kind leer God egter nie net deur godsdiensonderrig ken nie maar ook in die Geskiedenis-, Wiskunde-, Grammatika- en elke ander klas. Deur onregstreeks deur sy lidmate te werk kan die kerk die skool so beïnvloed dat die leerlinge God in elke lesuur sal leer ken.

3.2.2.7.2.7 Die historiese bestaanswyse (vorming)

As instituut is die kerk histories gefundeer en so ook die skool, maar waar die skool onder die etiese/analitiese as leidende funksie staan (kyk 5.3.2), is die kerk se leidende funksie die pistiese. Die skool se spesifieke taak is kultuuroordrag en kultuurvorming. Die kerk se spesifieke taak is Woord- en sakramentsbediening. In die proses dra die kerk ook kultuur oor en vorm ook kultuur, maar dit is nie sy hooftaak nie.

Die skool help om die godsdienskultuur te vorm en oor te dra. Die skool onderrig die kinders in kennis van die Bybel en laat hulle Psalms en Gesange sing. Die skool moet die Bybelse waarhede en deugde by die kinders tuisbring en dit is vir die kerk belangrik dat die skool dit doen soos hy dit verlang.

3.2.2.7.2.8 Die linguistiese bestaanswyse (taal en simboliese betekening)

Die kerk het nie net 'n woordtaal nie maar ook 'n simboletaal, soos die nagmaal en die doop. Die taalontwikkeling van die kind is vir die kerk belangrik, want so kan hy beter met God kommunikeer en ook beter met ander en met die volwasse lidmate.

Die skool kan help om die woordtaal en simboletaal van

die Christendom na behore by die kinders te laat ontwikkel: God wil Hom juis laat ken, Hom openbaar. Hoe meer die kind die 'taal' van die kerk begryp, hoe meer kan dit hom in sy geloofslewe tot voordeel strek. Dink maar aan die kruis as simbool en die Ou-Testamentiese offers as 'taal' van die kerk.

3.2.2.7.2.9 Die sosiale bestaanswyse (omgang)

In die skool is daar sosiale verkeer tussen individue, tussen individu en groep en tussen groepe. Dieselfde word in die kerk as instituut aangetref. Dan moet die kerk as kerk ook nog met die skool as skool kommunikeer, want die twee samelewingsverbande staan nie los van mekaar nie. Die gesprek tussen die kerk en die skool moet gedurig plaasvind en glad verloop sodat die samewerking op die gebied van die opvoeding en onderwys op skool harmonies kan geskied.

3.2.2.7.2.10 Die ekonomiese bestaanswyse (waardeafwegende besparing)

Die kerk moet sy lidmate aanmoedig om hulle staatsbelastings te betaal sodat daar geld vir skoolopvoeding en -onderwys kan wees. Die kerk moet ook sy lidmate aanmoedig om hulle dienste tot die beskikking van die skool te stel, byvoorbeeld om onderwysers(esse) te word. Die kerk kan die skool ook ekonomies help deur beurse beskikbaar te stel en liefdeshulp aan armes te gee sodat hulle hulle onderwysverpligtinge kan nakom.

As teëprestasie moet die skool mense oplei wat selfstandige lidmate van die kerk kan word en wat met liefde hulle gawes aan die kerk gee.

3.2.2.7.2.11 Die estetiese bestaanswyse (harmonie)

Die kind moet van kleins af in sowel die kerk as die skool geleer word om in harmonie met alles en almal rondom hom te lewe. Wrywing tussen individue en groepe moet so ver moontlik uitgeskakel word. Dit kan wel gedoen word deur by skoolstigting die beginsel van lewens- en wêreldbeskoulike differensiasie in ag te neem.

Meer konkreet rig die kerk geboue op wat ook esteties bevredig en dan is daar die woordkuns en musiek soos in die Bybel en die Psalms en Gesange aangetref word. Die inhoud van die Bybel en Psalms en Gesange dien as deel van die leerinhoud vir die skool, en dit is vir die kerk belangrik dat dit op hoë peil gehanteer word.

3.2.2.7.2.12 Die juridiese bestaanswyse (reg)

Die kerk moet die selfstandigheid van die skool, die reg van die ouers en die staat ten opsigte van onderwyssake erken. Maar dan moet die skool op sy beurt weer die reg van die kerk erken om bemoeienis met die skool te maak wat sy Christelike karakter betref. In 'n stelsel van lewens- en wêreldbeskoulike differensiasie behoort so 'n wedersydse erkenning en aanvaarding van mekaar goeie resultate te lewer.

3.2.2.7.2.13 Die etiese bestaanswyse (liefde en die morele)

Die groot gebod, die sogenaamde goue reël, is deur Christus in Luk. 6 : 31 aan sy dissipels gegee. Dit is naamlik dat jy aan andere moet doen soos jy wil hê dat hulle aan jou moet doen. Die kerk kan van die skool vra om liefde vir Christus en die Bybel by die kinders aan te wakker en om goeie sedes en deugde by hulle te vestig.

Die skool kan weer van die kerk liefde en verdraagsaamheid vra en om met sy pogings geduld te hê.

3.2.2.7.2.14 Die pistiese bestaanswyse (geloof/sekerheid)

Kragtens sy struktuurprinsipe is Woordverkondiging die taak van die kerk. Die kerk kan nie van die skool verwag om dieselfde te doen nie maar kan wel van die skool verwag om die norme van die Woord uit te dra. Dit is nie die taak van die skool om sending en evangelisasie of selfs katkisasie te behartig nie, maar die skool moet die kinders die Christelike deugde leer. Die skool kan op sy beurt weer van die kerk verwag dat hy sy lidmate, veral dooplidmate, sal leer om die gesag van die skool te aanvaar, want per slot van sake kom alle gesag van God af.

3.2.2.8 Lewens- en wêreldbeskoulike differensiasie

Om hierdie innige vervlegting (3.2.2.7.2) van kerk en skool glad te laat funksioneer is nie 'n maklike saak nie, maar indien 'n skoolstelsel wat op lewens- en wêreldbeskoulike differensiasie gebaseer is, ingerig word, behoort dit te slaag. Daar is geen ander bekende stelsel waar daar meer reg aan die geloofsuitlewing van kinders, ouers en onderwysers, aan die persoonsbehartiging, die sosiale, juridiese, die ekonomiese en analitiese bestaanswyses van die kerk en skool kan geskied nie. Waar elke groep ontvang wat hy graag wil hê en waar elke groep hom kan uitleef soos hy graag wil, heers daar tevredenheid. So sal die Calvinis 'n ander sosiale verkeer hê, 'n ander manier van geldinsameling en -besteding, 'n ander persoonsbehartiging en 'n ander regverdigheidstelsel en waardesisteem en, veral, 'n ander geloofslewe hê as byvoorbeeld 'n ateïs of liberalis. Dit is alleen in 'n stelsel waar daar differensiasie in die onderwys op lewens- en wêreldbeskoulike

gebied is, waar daar vir elke groep dié skoolonderwys en opvoeding gegee kan word wat hy sou verlang.

3.2.2.9 Kenmerke van die kerk as instituut

3.2.2.9.1 Algemeen

Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis eis van die Christengelowige om hom by die ware kerk aan te sluit en hom daarmee te verenig. Om dit te kan doen moet op die kenmerke van die ware kerk gelet word (wat hieronder in 3.2.2.9.2 tot 3.2.2.9.4 beskryf word).

3.2.2.9.2 Suiwere bediening van die Woord

Christus het self die onfeilbare merkteken van die ware kerk gegee toe Hy in Joh. 10 : 27 gesê het dat sy skape na sy stem luister. Christus regeer sy kerk deur sy Woord. Waar die suiwere Woord nie gevind word nie, kan geen sprake van die ware kerk of die koninkryk van Christus wees nie (Calvyn, 1951: 328).

3.2.2.9.3 Suiwere bediening van die sakramente

Die sakramente is 'n toevoeging tot en 'n versterking van die Woord. Dit is die sigbare Woord, Christus het self die sakramente ingestel, nie omdat die hoorbare Woord onduidelik of onselfgenoegsaam is nie maar ter wille van die mens sodat hy beter kan verstaan en beter kan glo. Die hoorbare Woord werk die geloof in die mens se hart, en die sigbare Woord (die sakramente) versterk die geloof. Die kerk is die bedienaar van die sakramente, en hy moet dit met versigtigheid hanteer sodat dit God behaag en nie ontheilig word nie (Heyns, 1977: 111).

3.2.2.9.4 Die handhawing van die kerklike tug

Die kerk moet deur middel van die tug suiwere kerk gehou word. Deur vermaning en bestraffing en in die geval van volharding selfs afsnyding verhoed die kerk dat indringers en ongelowiges 'n (wettige) plek in die kerk van Christus verkry. Verder word op hierdie wyse ook gewaak dat lidmate nie afdwaal en van die liggaam van Christus vervreemd raak nie (Van der Linde, 1983: 230). Sonder tug kan die kerk dus nie bestaan nie. Die kerk se tug dra egter 'n besondere karakter. Dit is naamlik nie op vergelding gerig nie maar op bekering. Die kerklike tug wil nie straf nie maar nader trek en genees; daarom word dit langsaam en met baie geduld toegepas.

Dit is egter ook baie duidelik dat die tug die eer van God moet beskerm, en as daar na veelvuldige bearbeiding geen bekering is nie, moet 'n tugwaardige uit die kerk en so ook uit die ryk van Christus gesny word (Feenstra, 1975: 223).

3.2.2.10 Samevatting

Uit die voorgaande blyk dit dat die kerk as instituut op aarde nie 'n geïsoleerde samelewingsverband is nie, maar dat dit enkapties met al die ander samelewingsverbande en dus ook met die skool vervleg is. Dit is vir die kerk belangrik dat die volledige aktstruktuur van sy lidmate ontsluit word sodat hulle nie eensydig ontwikkel nie. Die opvoedende skoolonderwys moet dus veelsydig en omvangryk wees. Die kerk wil immers ontwikkelde en volwasse lidmate hê, want so kan God beter gedien word en kan die kerk as instituut beter funksioneer.

Die spesifieke taak van die kerk kragtens sy leidende funksie is Woord- en sakramentsbediening, en daarom mag die

kerk onder normale omstandighede nie skole stig en bedryf nie. Hiertoe (dit wil sê tot skoolstigting) kan die kerk egter deur beïnvloeding van sy lidmate onregstreeks bydra.

Dit is vir die kerk ook belangrik dat die opvoeding en onderwys op skool in die lig van die Bybel en kerklike belydenisskrifte geskied, maar om die skoolonderwys sonder grensoorskryding sodanig te beïnvloed is in die praktyk moeilik. Indien die beginsel van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwysbeleid van die land toegepas word, behoort daar vir die kerk geen probleme in die opsig te wees nie, want dan is mense wat ten opsigte van die gees en rigting van die skool eenders dink, byeengebring.

Die kerk het dus geen regstreekse beheer oor die opvoeding en onderwys in die skool nie, maar het tog groot belang daarby. Deur middel van sy lidmate wie se kinders in die skool is, kan die kerk wel die gees en rigting van die opvoeding en onderwys aan die skool onregstreeks bepaal.

3.3 'N KORT HISTORIESE OORSKOUING VAN DIE VERHOUDING TUSSEN DIE KERK EN DIE SKOOL

3.3.1 *Inleiding*

Die doel met hierdie paragraaf is om vas te stel in watter mate die kerk in die loop van die geskiedenis betrokke was by die bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys in die openbare skool. Daarom sal daar na verskillende tydperke in die geskiedenis gekyk word. Ten eerste sal die tyd vóór die Christelike kerk in oënskou geneem word. Daarna sal die geskiedenis van die Grieke, Romeine en ou-Israel/Jode kortliks ondersoek word en dan die Middeleeue. In die moderne tyd sal die skooltoestande tydens die Renaissance ondersoek word asook die in Nederland, Engeland en die Verenigde State van Amerika.

Ten laaste sal die kerk-skoolverhouding in die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis van nader bekyk word.

3.3.2 *Die kerk-skoolverhouding in die voor-Christelike tyd*

In die voor-Christelike tyd was daar nog geen duidelike differensiasie tussen staat en kerk nie (Albertyn, 1951: 1). Die twee het 'n hegte eenheid gevorm, en die ampte van hoëpriester en koning is meestal deur dieselfde persoon beklee, sodat dit nie duidelik was of dit die koning was wat ook priester was en of dit die priester was wat ook koning was nie (Bowen, 1972: 5).

Die enigste amptelike of georganiseerde onderwys destyds was in die hande van die 'kerk', en die tempel was die plek daarvoor. Soms is daar ook 'n skool in die heerser se paleis in stand gehou, maar dit is ook deur die priesters beheer. Die inhoud van die onderrig het meestal bestaan uit geheimsinnige godsdienstige rituele en kennis. Die priesters was die sogenaamde geleerdes van destyds. Hulle was die enigste mense wat kon skryf (Bowen, 1972: 10, 11). Hulle het ook die sterrekunde beoefen en die kalender vasgestel, het die Wiskunde beoefen en was die medisynmeesters (Bowen, 1972: 23, 24).

Die verskillende volke het mekaar se godsdienste verdra. Hulle het geglo dat al die volke maar dieselfde gode gedien het maar net ander name vir hulle gehad het (Berkhof & De Jong, 1967: 11; Bakhuizen van den Brink, 1946: 33).

Die rol wat die 'kerklike' instansies gespeel het, was oral in die wêreld groot (vgl. Paulus se ondervinding met die silwersmid Demetrius in Efese (Hand. 19)). Dit is dus veilig om aan te neem dat die ouers eintlik agter die geweldige bygelowigheid wat die 'kerk' destyds op hulle afgedwing het, verdwyn het. Die ouers kon geen besluit oor die gees en rigting van hulle

kinders se opvoeding en onderwys neem nie, omdat die ongedifferensieerde staat-kerk daaroor beheer uitgeoefen het.

3.3.3 *Die kerk-skoolverhouding by ou-Israel/die Jode*

Aan die begin van die Joodse geskiedenis was daar ook nie 'n duidelike differensiasie tussen staat en kerk nie. Die Jode het 'n teokratiese staat gehad, en Moses was sowel godsdienstige as politieke leier. God self het hulle gelei en 'n wetskode vir hulle verorden (vgl. Levitikus en Deuteronomium).

By die Jode was die amptelike onderwys suiwer godsdienstig van inslag. Die middelpunt daarvan was die sinagoge of tempel (Potgieter, s.a.: 82). Die onderwysing van die jeug het uit twee afdelings bestaan: Ten eerste was daar instruksies deur voorskrifte en reëls en ten tweede die praktiese beoefening van die reëls. Die eerste deel was die taak van die kerk; by die tweede deel het die ouers die belangrikste rol gespeel (Bowen, 1972: 226, 227). Later het die Israeliete ook 'n koning gevra, en van toe af was daar 'n duideliker skeiding tussen staat en kerk, maar die priesters en Skrifgeleerdes het nog steeds die godsdienstige seremonies vir die staat behartig (1 Sam. 13 : 10-13).

Na die ballingskap het die koningskap in Israel verdwyn. Esra en Nehemia en die daaropvolgende leiers was eintlik ook weer godsdienstige leiers, en kort voor die geboorte van Christus, tydens die onderdrukking deur Sirië, was dit die priester Mattatias en sy seuns wat die leiding geneem het om politieke vryheid te verkry (Booyens, 1972: 126).

Dit blyk dus dat die 'kerk' in die ou-Israelitiese/Joodse opvoeding en amptelike onderwys wel 'n bepalende rol gespeel het. Die kerk het die gees en rigting daarvan bepaal en het die ouers as vennote gehad (Deut. 6 : 7). Hierdie twee instansies

saam het die kind geleer om God te ken en Hom met al sy kragte en gawes te dien. Vir die Jood was (en is) die kind 'n gawe van God, en daarom het die kerk toegesien dat almal opvoeding en onderwys ontvang en nie net sekere uitverkorenes nie.

3.3.4 *Die kerk-skoolverhouding in die Griekse onderwys*

Die ou-Griekse godsdiens het 'n primitiewe karakter gehad. Hulle gode was vir hulle eintlik maar net supermense en kon gepaai, omgekoop en vertoorn word. Dan was daar ook nog 'n belangrike element van die Griekse godsdiens, naamlik die estetiese, en al invloed wat die Griekse 'kerk' op die openbare onderwys gehad het, was om die skone te waardeer en die kinders aan te spoor om goeie burgers te wees wat hulle burgerpligte nagekom het (Coetzee, 1970: 42).

Die staat het in die Griekse samelewing die oorheersende rol gespeel en die 'kerk', hoewel nog nie duidelik gedifferensieer van die staat nie, het 'n ondergeskikte rol gespeel en geen seggenskap oor die gees en rigting van die openbare onderwys en opvoeding gehad nie (Bowen, 1972: 85).

3.3.5 *Die kerk-skoolverhouding by die Romeine*

Die Romeine was pragmaties ingestel, ook wat hulle godsdiens betref, en in hulle godsdiens was niks mistieks nie. Die gode was wesens wat geprys en beloon moes word, en die godsdiens was vir hulle net maar nog 'n middel wat gebruik kon word om die praktyk te laat vlot (Potgieter, s.a.: 83; Coetzee, 1970: 64). Deur die latere praktyk van keiseraanbidding lyk dit of die staat die 'kerk' vir sy eie doeleindes gebruik het. Soos by die Grieke het die staat die hele samelewing oorheers. Die kinders het hulle godsdiens van hulle ouers geleer (Bowen, 1972: 170). Die rol van die 'kerk' was maar minimaal, en daarom het dit ook geen invloed op die gees en rigting van die op-

voeding en onderwys op skool gehad nie.

3.3.6 *Slotsom*

Gedurende die voor-Christelike tyd en die tydperk van die antieke volkere was daar geen duidelike differensiasie tussen staat, skool en kerk nie. Die staat het, behalwe by ou-Israel/die Jode, 'n oorheersende rol op onderwysgebied gespeel en die gees en rigting daarvan bepaal. Waar die kerk wel nog seggenskap gehad het, het hy sy seggenskap nie as 'kerk' beoefen nie maar as deel van die staat. By die Hebreërs het die 'kerk' wel as kerk 'n groot rol gespeel in die bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool.

3.3.7 *Die kerk-skoolverhouding gedurende die vroeg-Christelike tydperk*

Die Christendom het die kind nie as staatseiendom beskou nie maar as 'n seën van die Here (Ps. 128 : 3, 4). Die hoofdoel van die onderwys en opvoeding het vir die Christendom gelê in:

* die onvoorwaardelike onderwerping aan die wil van God,
* die lewering van diens en liefde aan jou naaste en
* die vorming van die kind se gewete (Potgieter, s.a.: 83).

Aangesien daar in daardie stadium nog nie 'n duidelike skeiding tussen staat en kerk was nie en aangesien die godsdiens by die Christendom so 'n universele rol gespeel het, is dit nie maklik om presies te bepaal wat die institutêre kerk tot die opvoedende onderwys van die jeug bygedra het nie. Dat dit egter wel 'n rol gespeel het, is seker. 'n Mens dink in dié verband aan Gamaliël (Hand. 5 : 34), die optrede van Filippus (Hand. 8 : 35) en veral aan die werk van Paulus deur middel van sy sendbriewe. Die Christendom het, soos die Jode van ouds, die huisgesin as vennoot in die onderwys nader geroep (Ef. 5 : 22; 6 : 1-9).

Die vroeg-Christelike kerk het dus wel 'n beduidende rol gespeel in die bepaling van die gees en rigting van die opvoedende 'skool'-onderwys.

3.3.8 *Die kerk-skoolverhouding tydens die Middeleeue*

Met die val van die Romeinse Ryk in 410 n.C. het die Middeleeue begin, en aanvanklik was daar geweldige verwarring en onsekerheid (Robinson & Schotwell, 1946: 26, 27). Uit hierdie chaos en onsekerheid het 'n nuwe mag na vore getree in die gedaante van die Roomse Kerk, die allesinsluitende kerk. Daar is in die kerk 'n deeglike hiërargie opgebou, en bykans duisend jaar lank sou hierdie kerk deur middel van sy biskoppe die wêreld met 'n ysere hand 'regeer' (Robinson & Schotwell, 1946: 44, 45).

Die hoofdoel van die Middeleeuse opvoeding was om die kind vir sy ewige saligheid op te voed, en alles het in die diens van voorbereiding tot hemelse burgerskap gestaan. Daar was wel ook ander doelstellings met die onderwys, soos opvoeding vir 'n beroepslewe of vir die krygskuns, maar alles was ondergeskik aan die godsdienstige vorming (Coetzee, 1970: 141).

Die Middeleeuse wêreld was teosentries georiënteerd, en die Christelike godsdiens het die hele lewe beheers. Dit was ook nie vreemd dat die kerk die primêre opvoedings- en onderwysinstituut van destyds was nie (Gutek, 1972: 63, 64).

Teen die agste eeu na Christus is alle onderwys van destyds deur die kerk behartig. Die kerke en kloosters was die onderwyssentrums en die kerk het die gees en rigting van die skool bepaal en ook toegesien dat dit gehandhaaf word (Bowen, 1972: 343-345).

3.3.9 *Die kerk-skoolverhouding tydens die Renaissance*

Die Renaissancemens kon as 'n nuwe "sielkundige fenomeen" beskou word (Good & Teller, 1970: 117). Hy het hom langsamerhand begin losmaak van die kerklike oorheersing. Hy het bewus geword van sy eie selfgenoegsaamheid en individualiteit en het gesoek na roem deur die kuns, wetenskap en selfs oorlog (Berkhof & De Jong, 1967: 119; Good & Teller, 1970: 117).

Vir die Renaissancemens was daar geen hiernamaals nie. Hy het geglo dat die mens homself deur opvoeding kan verbeter. Die mens word vir hom nie gebore nie maar *gevorm* (Lucas, 1972: 273, 280). Gevolglik is baie klem gelê op die opvoeding en onderwys. Die skool is as almagtig beskou, want dit sou kwansuis mense kon vorm of 'maak'.

Die opkoms van die nuwe nasionale state het die onderwys weer vir die staat belangrik gemaak. Die handelsopbloei en die ontstaan van ryk handelstede het die onderwys nog belangriker laat word. Beide die staat en handelswêreld het opgeleide mense nodig gehad, en gevolglik is hofskole opgerig, munisipaliteite en beroemde opvoedkundiges (byvoorbeeld Vittorino de Feltre) het skole gestig (Gutek, 1972: 100-103).

In hierdie skole het die kerk sy seggenskap verloor, en so het al meer en meer mag uit sy hande gevloei en wêreldlike instansies het die plek van die kerk ingeneem. Die kerk het dus in 'n groot mate sy seggenskap oor die gees en rigting van die opvoedende skoolonderwys verloor.

3.3.10 *Slotsom*

Gedurende die Middeleeue het die kerk die samelewing georden en aan elke mens sy plek in die samelewing toegeken. Die kerk het nie net die onderwys beïnvloed nie maar was inderdaad ver-

antwoordelik vir die praktiese beoefening van die openbare onderwys.

Die 'nuwe' humanistiese mens van die Renaissance het egter sy belangstelling in die bo-wêreldse dinge verloor en dit vir die hierdie-wêreldse verruil. Die kerk kon die gees van 'bevryding' nie teëwerk nie en het sy mag oor die gees en rigting van die openbare onderwys verloor. Die staat het weer die belangrikste komponent in die onderwys geword.

3.3.11 *Die kerk-skoolverhouding in die moderne tyd*

3.3.11.1 Die kerk-skoolverhouding in Nederland

Die Nederlandse Republiek van die 17de eeu het die Hervormde Kerk as staatskerk gehad. Hierdie Kerk het in 'n sekere mate 'n monopolie oor die openbare ampte en staatsbetrekkinge gehad. In 1655 het die "School-Reglement in de steden en ten platten Lande in de heerlijkheden en dorpen staende onder de Generaliteit (Schoolreglement)" nog bepaal dat die kinders opgevoed moet word "in de Christelijke Religie en de vrees des Heeren". Die onderwysers moes ook vrome en godsdienstige manne wees wat by aanstelling die Kerk se geloofsbelydenis en die Kategismus moes onderteken (Idenburg, 1964: 76-77). Die skool het feitlik in diens van die kerk gestaan, en die kerk het bepaal watter boeke in die skool gebruik mog word en het 'n belangrike aandeel in die aanstelling van die onderwysers gehad (Idenburg, 1964: 77-78).

In 1725 is die Schoolreglement van 1655 herbevestig, maar soos die 18de eeu gevorder het, het die 'Verligting' ('Aufklärung') ook in Nederland inslag gevind. Die mens se rede het op die voorgrond getree en God se Woord verdring, onder andere ook deur deïstiese beskoudings. Reeds in 1795 word bepaal dat niemand op grond van sy godsdiens van 'n open-

bare amp uitgesluit mag word nie, en in 1806 word verorden dat die kinders in "maatskappelijke en Christelijke deugden" opgelei moet word (Idenburg, 1964: 78-81).

Op hierdie wyse is 'die eer van God' uit die onderwys geneem en die beginsel van skeiding tussen staat en kerk in die onderwys aanvaar. Die samewerking tussen staat en kerk wat die amptelike skoolonderwys betref, is daarmee beëindig, en waar die kerk tot aan die einde van die 18de eeu die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op die openbare skool bepaal het, het hierdie reg aan die begin van die 19de eeu na die staat oorgegaan (Idenburg, 1964: 81).

3.3.11.2 Die kerk-skoolverhouding in Engeland

Die Engelse se openbare primêre onderwys het in 'n tyd (voor die 19de eeu) ontstaan toe die godsdiens belangrik vir die mens was, en in die laer skole is nie net sekulêre vakke onderrig nie maar ook kerklike leerstellings en gebruike. Die kerkamptenare het ook toesig oor die skole gehou. Aan die begin van die 19de eeu het die staat die skole begin steun, want hulle het onderwys aan die massas verskaf. Met die sogenaamde Forsterwet van 1870 is die staat die eerste keer in Engeland toegelaat om openbare skole te stig, weliswaar net daar waar geen vrywillige skole was nie (Meyer, 1972: 433; Dent, 1969: 20).

Die Engelse onderwys is eintlik in die kerk 'gebore'. Tot met die Reformasie was die kerk die verskaffer en kontroleerder van alle openbare onderwys. Elke onderwyser is deur die biskop gelisensieer, en die biskop het die skoolhoof aangestel, terwyl die onderwyser gewoonlik een of ander kerklike amp beklee het (Dent, 1969: 13, 14). Die toestand het egter langsamerhand verander, en die staat het al hoe meer mag oor die opvoedende skoolonderwys gekry en daarmee saam

beheer oor die gees en rigting daarvan (Meyer, 1972: 433).

Die Onderwyswet van 1944 (die sogenaamde Butler Act), het die openbare en vrywillige skole vennote gemaak in die proses van die kind se skoolopleiding. Die kerk het nog steeds een derde van die skoolgeboue voorsien, en wat die beheer oor die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool betref, was die kerk een van die belangrikste komponente (Dent, 1969: 223-227).

Die Butler Act van 1944 het die onderwys in die hande van die staat geplaas. Tog het die staat dit nog nooit gewaag om outokraties van die mag gebruik te maak nie. Die onderwysstelsel word eerder gedra deur 'n gees van vennootskap ("partnership") tussen die staat, die kerk en die ouerhuis (Dent, 1969: 223-227). Ten spyte van die wet van 1944 bly die kerk 'n belangrike faktor in die bepaling van die gees en rigting van die vrywillige skole. In die neutrale openbare skole het die kerk egter geen seggenskap nie.

3.3.11.3 Die kerk-skoolverhouding in die Verenigde State van Amerika (VSA)

Tydens die pioniersjare was die staat en die kerk nog nou aan mekaar verbonde, en in elke skool is die invloed van die kerk gevoel. Die skool het gewoonlik die godsdiens van daardie bepaalde streek onderrig en uitgebou. Meerderheidsgroepe het toe nog aanvaar dat denominasionele godsdiens op skool onderrig moes word (Lucas, 1972: 474). In daardie koloniale jare is die onderwys as 'n saak vir die ouerhuis en die kerk gesien. Die staat moes sy hande daar tuis hou. Toe die VSA se grondwet opgestel is na die Vryheidsoorlog van 1776-1781 is die onderwys nie aan die sentrale regering toegeken nie maar aan die verskillende stateregerings (Good & Teller, 1969: 430, 431; De Villiers, De Bruin & Muller, s.a.: 212-214). Gevolglik het die VSA 'n gedesentraliseerde onderwys-

stelsel.

Na die Amerikaanse Burgeroorlog het die openbare onderwys 'n saak van openbare belang geword. Die staat New York het in 1842 'n skoolraad ingestel en daarmee die grondslag vir 'n staatsbeheerde openbare skoolstelsel gelê (Good & Teller, 1969: 450-452). Die kerk het weerstand gebied teen die opkoms van die staatsbeheerde openbare skool, want daarmee sou sekularisme in die klaskamer kom. Die kerk het egter sy houvas begin verloor en wel in só 'n mate dat senator Henry W. Blair in 1884 kon verklaar dat as die VSA 'n stelsel van openbare skole gehad het, daar geen burgeroorlog sou gewees het nie (Lucas, 1972: 509, 510). Die betekenis van die verklaring is dat die staat 'n ander gees en rigting in die skool sou 'toegelaat' het as wat daar in werklikheid onder kerklike invloed was.

In 1842 het die staat New York besluit dat geen skool wat sektariese onderwys gee, enige toelaag uit die staatskas sou ontvang nie. Ander state het gevolg, en in 1922 wou die stemgeregtigdes van Oregon selfs alle private (kerk-) skole sluit, maar gelukkig vir die kerk het die Hooggeregshof in die saak Pierce vs. Society of Sisters in 1925 daarteen beslis (Lucas, 1972: 521).

Die kerk is finaal uit die Amerikaanse openbare skool 'uitgedryf' toe die Hooggeregshof in 1963 in die saak Schempp vs. School District of Abington Township besluit het dat enige staat wat staatsgeld vir privaatskole of sektariese onderrig in openbare skole gebruik, teen die Grondwet handel. Nie eens die "Onse Vader" of enige deel uit die Bybel was in die openbare skole toelaatbaar nie (Lucas, 1972: 522). Daarmee het die kerk as faktor uit die openbare onderwys verdwyn en is die gees en rigting daarvan ten volle deur die staat bepaal.

Die voorstanders van godsdiensonderrig in die openbare skool het egter nie daarin berus nie. Daar is hewig teruggeveg, onder andere deur die stigting van die "Creation Science Research Centre". Die oogmerke was onder andere om godsdiens in die openbare skool terug te kry en om openbare fondse vir kerklike onderwys beskikbaar gestel te kry (Jooste, 1983: 16-18). Daar is ook 'n mate van welslae behaal. In 1981 is byvoorbeeld in Arkansas 'n wet aangeneem waardeur openbare skole verplig is om ewe veel tyd aan die skeppingsverhaal en die evolusieteorie af te staan. Kort daarna het Louisiana met 'n soortgelyke wet gevolg (Jooste, 1983: 16-18).

Die gees en rigting van die openbare skool in die VSA word deur die staat bepaal maar die voorstanders van kreasionisme in die openbare onderwys veg hand en tand om die kerk ook inspraak te gee in die bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys in die openbare skool.

Bowendien word privaatskole op groot skaal in die VSA gestig, want die verskillende kerklike denominasies en ander groepe wat nie met die neutrale staatskool tevrede is nie, het geen ander uitweg as om privaatskole te stig en dan self alles te betaal nie (vgl. Hughes, s.a.: 397-407).

3.3.11.4 Gevolgtrekking

In Engeland, Nederland en die VSA het die kerk in die verlede 'n groot rol gespeel in die bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool. In Engeland en Nederland het die staat wel volle beheer oor die openbare onderwys, maar daar verleen die staat erkenning aan veral ouerseggenskap oor die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool. Die kerk het ook nog heelwat van sy seggenskap oor die openbare skool soos in die verlede behou.

In die VSA het die kerk egter al sy mag oor die openbare onderwys verloor; daarom het die kerk hom tot privaatonderwys gewend. In 1969 was daar in Rhode Island byvoorbeeld 26,1 % van die totale aantal leerlinge nie in die openbare neutrale skool nie. In Wisconsin was dit 23,5 % (Hughes, s.a.: 397-402). Daar is aanduidings dat die kerk 'n terugkeer tot die openbare onderwys kan maak, maar dit sal skynbaar 'n geweldige stryd verg.

3.3.12 *Die kerk-skoolverhouding in Suid-Afrika*

3.3.12.1 Tydens die bewind van die VOIC (1652-1795)

In die eerste jare na Van Riebeeck se landing aan die Kaap was daar geen skool in die ware sin van die woord nie. Eers in 1663 is met die eerste skool vir Blankekinders aan die Kaap begin. Die skool is deur die Politieke Raad geïnisieer, en die opdrag aan die onderwyser (Ernestus Back) was om die kinders te leer lees en om hulle te katkiseer. Daarom was die skoolkurrikulum hoofsaaklik godsdienstig van aard (Du Toit, 1937: 23, 24).

In 1714 vaardig De Chavonnes die eerste skoolwet aan die Kaap uit. Dit het by die beginsel gebly dat die staat die skole moet oprig en in stand hou en dat die staat *en kerk* gesamentlik oor die skool toesig moes hou. Die kerk moes die godsdienstige gesindheid van die onderwysers ondersoek, en die onderwysers moes ook 'n formulier onderteken waarin hulle beloof om aan die gereformeerde leer getrou te bly (Van der Schijf, 1963: 45, 52).

Die kerk het dus groot invloed gehad in die bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool. Die skoolonderwys van daardie tyd het kerklidmaatskap ten doel

gehad, en die onderwyser was prakties maar 'n dienaar van die kerk. Sy amp was altyd aan dié van koster, voorleser, siekebesoeker en katkisasiemeester verbonde (Venter, 1929: 7-9).

3.3.12.2 Tydens die Bataafse bewind (1803-1806)

In September 1804 het De Mist sy *Skoolordonnansie* uitgevaardig en daarmee 'n nuwe fase in die Kaap se onderwysgeskiedenis ingelui. Die staat en die kerk is geskei wat die skoolonderwys betref, en die verantwoordelikheid vir die onderwys en opvoeding van die kinders op skool is losgemaak van die kerk en aan die staat oorgedra. Die kerk sou voortaan geen mag meer hê om die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool te bepaal nie (Van der Schijf, 1963: 66, 67).

Die beginsels van 'n Calvinistiese skoolopvoeding is deur die deïsme van die "Aufklärung" vervang, en die doel van die opvoeding en onderwys op skool was nie meer die vorming van goeie kerklidmate nie maar wel die van goeie staatsburgers (Van der Schijf, 1963: 67-71).

3.3.12.3 Tydens die Engelse bewind in die Kaapprovinsie (1806-1910)

Gedurende die tyd van die VOIC was daar Christelik-nasionale onderwys aan die Kaap. De Mist het die Christelike (kerk) uit die onderwys geneem. Die Engelse bewind na 1806 sou daarop voortbou en selfs verder gaan en die skool aan die Kaap ook van die Afrikaner-nasionale beroof. Om die skool nog verder van die kerk en ouerhuis los te maak het die Engelse bewind die skool al meer gesentraliseer. Dit het uitgeloop op die benoeming van die eerste Superintendent van Onderwys in 1839, naamlik James Rose-Innes (Snyman, 1976: 39, 40).

Tydens die Engelse bewind is daar sowel wat die oprigting en instandhouding van die skool as die beheer daaroor betref,

geen ag op die kerk gegee nie. Waar daar onder die VOIC kerklike oorheersing van die skool was, was daar onder die Engelse bewind 'n politieke despotisme wat die skool vir politieke doeleindes gebruik het (Van der Schijf, 1963: 83). Die kerk het geen seggenskap oor die bepaling van die gees en rigting van die skool gehad nie. Die situasie het voortgeduur tot 1910 met Unifikasie.

3.3.12.4 Die tydperk 1910 tot 1967 in die Kaapprovinsie

Van 1910 af tot 1967 het daar geen werklike verandering in die skool-kerkverhouding in die Kaapprovinsie gekom nie. Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967) het bepaal dat die opvoeding en onderwys in Blankeskole Christelik *moet* wees (Snyman, 1976: 40-41). Dit het by die kerk die verwagting geskep dat hy weer 'n komponent sou word wat die gees en rigting van die opvoeding en onderwys sou medebepaal.

3.3.12.5 Die kerk-skoolverhouding tydens die Groot Trek

Die Kaapse Kerk was die Trekkers nie goedgesind nie (D'Assonville, 1980: 91). Derhalwe het die kerk nie saam op trek gegaan nie en kon die kerk as instituut geen invloed op die onderwys en opvoeding van die Trekkerkinders hê nie. Die ouers het hoofsaaklik self die onderwys van hulle kinders behartig, en die onderwys was weer hoofsaaklik op belydenisaflegging toegespits (Van de Schijf, 1963: 104).

3.3.12.6 Die kerk-skoolverhouding in die onderwys van Transvaal tot 1899

Vroeg in die Transvaalse onderwysgeskiedenis het die staat ingegryp en deur die "Schoolreglement in 13 artikels waaraan het Gemeentebestuur en de te benoemen onderwijzers zich te houden hebben" (1852) bepaal dat die onderwys onder beheer van

die staat staan. Die plaaslike gemeenskappe (dorpsbesture) moes die skole oprig onder toesig van die staat (Van der Schijf, 1963: 112).

In April 1859 het die Volksraad die "Reglement" van die Potchefstroomse Skoolkommissie goedgekeur. Die "Reglement" het die kerk van alle beheer oor die onderwys onthef. In die plek van die plaaslike kerkraad het nou 'n plaaslike skoolkommissie gekom. Die ouers is wel in die skoolkommissie verteenwoordig maar nie in naam van die kerk nie (Van der Schijf, 1963: 116). Die kerk het geen verdere seggenskap oor die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool gehad nie. Thomas Burgers het in 1874 met Wet nr. 4 die kerk nog verder van die skool vervreem deur te bepaal dat slegs neutrale Bybelgeskiedenis op skool onderrig kon word en dat geen godsdiens tydens skoolure onderrig mag word nie (Coetzee, 1941: 38).

Met die koms van S.J. du Toit na Transvaal as Superintendent van Onderwys het die kerk weer in die onderwys begin figureer. Deur Wet nr. 1 van 1882 is alle leerstellige onderwys na die kerk verwys. Kerkrade moes die inisiatief neem by die stigting van skole en die verkiesing van skoolkomitees. Die kerk het nou weer die hoofbepaler van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys geword en moes ook die bestuur van die skole behartig (Van der Schijf, 1963: 151, 152).

Na S.J. du Toit het N. Mansvelt die ouer, die kerk en die staat elk sy regmatige plek in die onderwys laat inneem, en in die tyd het die kerk groot invloed op die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys uitgeoefen (Snyman, 1976: 46).

3.3.12.7 Die kerk-skoolverhouding in Transvaal (1900-1967)

Uit die aard van omstandighede was daar gedurende die oorlogsjare van 1900-1902 geen georganiseerde onderwys nie. In die konsentrasiekampe het die Engelse egter probeer om die kampkinders te verengels.

Na die vredesluiting in 1902 het Sargant met Ordonnansie nr. 7 van 1902 die angliseringsbeleid voortgesit en die kerk van al sy seggenskap oor die onderwys beroof (Coetzee, 1941: 76, 77). As gevolg van die 'vreemde' onderwys het die Afrikanerleiers met hulp uit Nederland die CNO-beweging van stapel gestuur. Met die CNO-skole is meer na die Republikeinse skole van voor die Tweede Vryheidsoorlog teruggekeer (Van der Schijf, 1963: 225). Hieruit kan afgelei word dat die kerk weer 'n faktor geword het in die bepaling van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys.

In 1907 het genl. J.C. Smuts met sy "Onderwyswet voor het wijzigen van de Wet betrekking hebbende op het openbaar onderwijs en voor andere doeleindes" (Onderwyswet nr. 25 van 1907) probeer om beide die Afrikaners en Engelse tevrede te stel. Die resultaat was egter 'n wet wat die kerk finaal uit die onderwys geweer het. Hierdie wet (nr. 25 van 1907) het tot 1967 die verhouding tussen die kerk, skool en staat bepaal, en gedurende daardie tyd kon slegs neutrale godsdiensonderrig in die Transvaalse openbare skole aangebied word (Snyman, 1976: 50; Coetzee, 1941: 102). Die kerk het dus geen seggenskap oor die gees en rigting van die opvoeding en onderwys van die openbare skool gehad nie.

3.3.12.8 Die kerk-skoolverhouding in die RSA na aanleiding van die Wet op nasionale onderwysbeleid (Wet 39 van 1967)

Die belangrikste gevolg van die werksaamhede van die Nasionale

Adviserende Onderwysraad was die aanname van die Wet op nasionale onderwysbeleid (Wet 39 van 1967) deur die parlement (Van der Spuy, 1970: 11).

Artikel 2(1)(a) van die wet bepaal dat die onderwys in die staatskool 'n Christelike karakter *moet* hê, maar die geloofsoortuiging van andersdenkende ouers en leerlinge moet geëerbiedig word wat godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede betref (Bingle, 1970: 26).

In die staatskennisgewing R2029 is hierdie bepaling verder omskryf en is bepaal dat die Christelike karakter op die Bybel gegrondves moet wees en sy beslag moet kry in godsdiensonderrig as 'n verpligte nie-eksamenvak en deur die gees en wyse waarop alle onderrig en opvoedingswerk asook die administrasie en organisasie behartig word (Staatskoerant, 77 (3306): 17, 18, Nov. 12, 1971).

Dit is opmerklik dat die Wet op nasionale onderwysbeleid die kerk nêrens in die onderwys betrek nie, maar artikel 2(1)(h) bepaal dat aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken moet word. Hiermee word onregstreeks seggenskap aan die kerk toegeken, want deur bearbeiding van die kerklidmate wie se kinders in die skool is, kan die kerk tog sy invloed op die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys laat geld (Cilliers, 1970: 118).

3.3.12.9 Die kerk-skoolverhouding in die Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys (De Langeverslag, 1981)

In die 'De Langeverslag' word daar geen regstreekse melding van die kerk as instituut gemaak nie. In die hiërargie van die onderwysbestuur is die Derde (plaaslike) Vlak die enigste waar die kerk kan figureer. In die verslag word aanbeveel dat die ouers en onderwysers 'n hoofaandeel in die be-

sluitnemingsprosesse van die Derde Vlak moet hê, en daarom sal die Skoolbeheerraad se funksies en gesag uitgebrei moet word. Die ouerkeuse sal 'n belangrike rol speel, al is dit net om 'n keuse te maak uit 'n aantal opsies wat aan hulle voorgehou word. Verder sal die ouers op die bepaling van die kurrikulum invloed uitoefen en by die aanstelling van onderwysers adviserend optree. Alles sal egter in die raamwerk van die breë beleid wat van 'bo' af bepaal word, moet geskied (RGN, 1981: 203). Die rol van die kerk sal dan daarin bestaan dat hy deur middel van die ouers wat sy lidmate is, moet werk.

In die De Langeverslag (RGN, 1981: 14) word daar elf beginsels aanbeveel waarvolgens onderwysvoorsiening in die RSA moet geskied. In beginsel 2 word gestel dat sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse van die inwoners van Suid-Afrika erkenning moet geniet. Indien iemand nie tevrede is met dit wat die openbare skool hom bied nie, kan hy hom volgens beginsel 8 tot 'n gesubsidieerde privaatskool wend (RGN, 1981: 15). Hierdie feit laat Heiberg (1982: 3) aflei dat die De Langeverslag baie sterk ten gunste van neutrale godsdiensonderrig in die openbare skool is.

Vir die kerk bring dit dus geen verandering in die minderwaardige rol wat dit op onderwysgebied speel nie. Tog wil dit voorkom asof religieuse en/lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys op grond van beginsel 8 van die aanbevelings van die De Langeverslag (RGN, 1981: 14), 'n werklikheid kan word. Indien gesubsidieerde privaatskole gestig kan word, kan groepe wat op onderwysgebied, bymekaar hoort, bymekaar gebring word en in so 'n privaatskool sal die kerk wel in bepaalde gevalle kan meehelp om die gees en rigting van die onderwys en opvoeding aldaar te bepaal.

3.3.12.10 Die tussentydse memorandum van die regering oor die verslag van die Hoofkomitee van die RGN (1981)

Die regering se voorlopige kommentaar op die De Langeverslag het in Oktober 1981 in die vorm van 'n *Tussentydse memorandum* verskyn. Hierin het die regering die standpunt dat die Blankes se onderwys Christelik moet wees soos bepaal in die Wet op nasionale onderwysbeleid van 1967 herbevestig (Truter, 1982: 4, 5). Hiermee het die staat hom die reg toegeëien om die gees en rigting van die skoolonderwys te bepaal. Terselfdertyd ontneem die staat die kerk sodanige inspraak en seggenskap.

3.3.12.11 Die Afrikaner-Onderwyskongres in Bloemfontein (Maart 1982)

Op die Afrikaner-Onderwyskongres het die belangrikheid van die ouers en die godsdiens telkens na vore gekom. Onder andere is die volgende besluit:

* Die Christelik-nasionale karakter van die onderwys is vir die Afrikaner onbetwisbaar.

* Die stigting van privaatskole mag nie tot die ontkerstening van die staatskole lei nie (Afrikaner-Onderwyskongres, 1982: 273, 276). (Die kongres wou dus by die Christelike karakter van die staatskool bly. Blykbaar het die Kongres nie die moontlikheid van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in gesubsidieerde privaatskole gesien nie. Indien die Kongres dit wel raakgesien het, was dit vir hom blykbaar van minder betekenis as om die openbare skool te probeer kersten.)

* Ouerseggenskap moet uitgebou word en moet nie net raadgewend wees nie, veral in sake soos die aanstelling van onderwyspersoneel en die bepaling van die gees en rigting

van die skoolonderwys (Afrikaner-Onderwyskongres, 1982: 278, 279).

Die Afrikaner-Onderwyskongres het geen besluit oor die rol van die kerk as instituut geneem nie maar het wel besluit dat die onderwys Christelik moet wees en dat die ouers in die seggenskap oor die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys moet deel. Die kerk sal dus onregstreeks deur beïnvloeding van die ouers (sy lidmate) moet werk om die gees en rigting van die skool mede te bepaal.

3.3.12.12 Advies van die tussentydse onderwystaakgroep na aanleiding van die verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys en kommentaar daarop deur die publiek (November 1982) (Witskrif)

In die aanbevelings van die onderwystaakgroep (witskrif) word ook geen melding van die kerk as instituut gemaak nie, maar daar word wel sekere 'regte' vir die ouers aanbeveel. Die 'regte' kom neer op aanbevelings wat deur die ouerliggame gemaak kan word (Dept. van Nasionale Opvoeding, 1982: 14). Die ouers sal dus geen finale besluit kan neem nie. Indien die kerk onregstreeks deur die ouers moet werk is daar gevolglik vir die kerk ook geen regstreekse seggenskap oor die gees en rigting van die skoolonderwys en -opvoeding nie.

3.3.12.13 Gevolgtrekking

Die kerk het baie jare lank 'n groot rol in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika gespeel. Onder die bewind van die VOIC het die kerk die onderwys beheer, en alhoewel De Mist en die Engelse regering daarna probeer het om die kerk van die skool te skei, het dit nie heeltemal

geluk nie.

Op die trekpad tydens die Groot Trek het die kerk geen noemenswaardige rol in die bepaling van die gees en rigting van die onderwys en opvoeding gespeel nie. Na die vestiging van die Trekkers in die noordelike gebiede het die kerk weer 'n leidende rol in die onderwys begin speel. S.J. du Toit het aan die kerk regstreekse seggenskap oor die gees en rigting van die skool gegee, en na hom het N. Mansvelt meer ewewig gebring in die verhouding tussen staat, kerk, skool en ouerhuis.

Na die Tweede Vryheidsoorlog het J.C. Smuts met sy onderwyswet (nr. 25 van 1907) met 'n neutrale godsdiensonderwys in die skool begin. Dit het die kerk magteloos gemaak in die onderwys, want geen kerk het 'n neutrale godsdiens nie.

Vóór bogenoemde wet was daar ook nog die CNO-beweging, waartydens daar weer sterk op die kerk geleun is. Dié beweging het spoedig doodgeloop, en eers in 1967 het vir die kerk weer geleentheid gekom om op onregstreekse wyse deur beïnvloeding van sy lidmate seggenskap oor die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool te verkry.

Tans (vroeg in 1984) is die regering besig met onderwyswetgewing wat 'n geheel en al nuwe bedeling in die onderwys in die vooruitsig stel. Enersyds is daar die moontlikheid van differensiasie op religieuse en lewensbeskoulike gronde met behulp van die gesubsidieerde privaatskole. Andersyds is die tekens daar dat die openbare skool 'n staatsbeheerde en godsdienstig neutrale skool kan wees waar die kerk geen regstreekse invloed oor die gees en rigting van die onderwys sal hê nie.

3.3.12.14 Samevatting

In die wêreldgeskiedenis was daar tye toe die 'kerk' geen seggenskap in onderwyssake gehad het nie, byvoorbeeld by die Grieke en Romeine. Daar was egter ook tye toe die Christelike Kerk skuldig was aan grensoorskryding, byvoorbeeld gedurende die Middeleeue.

Die moderne geskiedenis van die onderwys toon 'n tendens van neutrale godsdiensonderrig van staatsweë, byvoorbeeld in die VSA, Brittanje, Nederland en Suid-Afrika.

In die vroegste geskiedenis van Suid-Afrika het die kerk 'n groot rol in die bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool gespeel, maar dit wil voorkom of die kerk in Suid-Afrika sy invloed in die onderwys in 'n groot mate verloor het.

Kragtens sy struktuur en oorsprong is die kerk as instituut nie onder normale omstandighede vir skoolonderwys verantwoordelik nie. Die kerk beïnvloed egter die gees en rigting van die skool onregstreeks deur die ouers wat lidmate van die kerk is. Die huidige beleid wat tot 'n neutrale godsdiens op skool aanleiding gee, maak sake egter vir die kerk baie moeilik, want geen kerk is neutraal nie.

3.4 TEN BESLUITE

Nadat die kerk se rol in die bepaling van die gees en rigting van die skool se opvoeding en onderwys nou prinsipieel en histories uitgelig is, sal daar in die volgende hoofstuk getrag word om die rol van die ouerhuis in die bepaling van die gees en rigting van die opvoeding en onderwys op skool vas te stel.

4. DIE LEERLINGE SE OUERS AS BEPALERS VAN DIE GEES EN RIGTING VAN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS OP SKOOL

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word beoog om ten eerste prinsipieel vas te stel wat die plek van die ouerhuis in die samelewing is en daarmee saam die ouerhuis se rol in die bepaling van die gees en rigting van die opvoedende skoolonderwys.

Ten tweede word beoog om vas te stel hoe die verhouding ouer-skool in die loop van die geskiedenis in die praktyk tot openbaring gekom het. Uit die onderwysgeskiedenis moet dus vasgestel word hoe die ware prinsipiële verhouding tussen die ouer en die skool in die praktyk òf gehandhaaf òf verontagsaam is.

4.2 PRINSIPIëLE FUNDERING

4.2.1 *Gesin en huwelik*

'n Huwelik en 'n gesin is nie dieselfde verskynsel nie. Hoewel hulle ten nouste met mekaar vervleg is en aan mekaar verbonde is, is 'n huwelik tussen man en vrou wesenlik iets anders as 'n ouerpaar met 'n kind of kinders. Al word daar kinders gebore, bly die huwelik tussen die twee ouers nog staan as iets anders as die gesin (Van der Walt, Dekker & Van Wyk, 1977: 216, 217).

Volgens Dooyeweerd (1969, III & IV: 305) is die huwelik nie 'n samelewingsverband nie maar 'n samelewingsgemeenskap en wel omdat die huwelik altyd, selfs in die geval van poligamie, 'n twee-eenheid is. As een lid van die huwelik sterf, bestaan die huwelik nie meer nie (Spier, 1950: 93).

Die huwelik het ook sy eie gesagstruktuur, wat op geen ander wyse verklaar kan word as dat dit die skeppingswil van God is

nie. In Gen. 2 : 18 word gesê dat God vir Adam 'n hulp wou skep wat by hom sou pas. In Ef. 5 : 22 word die vrou beveel om aan haar man onderdanig te wees soos aan die Here. In vers 25 word die man weer beveel om sy vrou lief te hê soos Christus sy gemeente liefhet.

Die gesagstruktuur in die huwelik is dus dat die man die hoof van die vrou is, nie as 'n tiran nie maar "in die Here". Hierdie gesagsverhouding kan nie uit een of ander wetskring verklaar word nie, maar God self is die bron daarvan, en sy verordening het Hy by die skepping inherent in die huwelik vasgelê (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 329). Hierdie verordening van God vind ook sy neerslag in die gewone landswet deurdat die man oor die maritale mag oor die vrou beskik (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 324, 325)*.

Die gesin (ouers met kinders) is egter iets anders. Dit bestaan uit twee dele, naamlik die volwasse deel (ouers), wat verantwoordelikheid vir die nie-volwasse deel (kinders) aanvaar. Die nie-volwasse deel is weer op hulle beurt van die volwasse deel afhanklik (Van Schalkwyk, 1981: 91).

Die gesin as sodanig is 'n primêre (institutêre) samelewingsverband omdat God dit self ingestel het. Na die skepping het die mens die opdrag ontvang om te vermeerder; daarom is om kinders te hê geen straf op die sonde nie (Van der Walt *et al.*, 1977: 218), maar volgens Ps. 128 : 3 en 4 'n seën

---

*In 1984 is die maritale mag van die man oor die vrou deur wetgewing in Suid-Afrika opgehef. Die prinsipiële uitgangspunt dat die man oor die maritale mag beskik, word egter nie deur hierdie wetgewing verander nie.

van die Here.

Die oorsprong van die gesin lê dus by God self, en gesinsvorming is suiwer in ooreenstemming met God se skeppingsbedoeling. Voor die sondeval het die mens reeds die opdrag ontvang om te vermeerder (Van Wyk, 1972(a): 318, 319).

4.2.2 *Struktuuranalise van die gesin*

4.2.2.1 Die funderingsfunksie van die gesin

Die tipiese onderlinge verbondenheid tussen ouers en kinders is geneties van aard en berus op die bloedband tussen ouer en kind (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 266). Die gesin is dus in die natuursy van die werklikheid, in die biotiese wetskring, gefundeer. Die gesin is opgebou uit die geslagtelike verbinding van 'n ouerpaar waaruit die kinders voortspruit. Daar kan eers van 'n gesin sprake wees wanneer 'n kind vir die ouers gebore word (Taljaard, 1963: 90, 91).

4.2.2.2 Die kwalifiserende funksie van die gesin

Volgens Dooyeweerd (1969, III & IV: 266) kan die tipiese kwalifiserende funksie van die gesin nie uit die bloedband alleen verklaar word nie, maar dit moet in 'n 'latere' of 'hoëre' modaliteit gesoek word.

Die Skrif leer dat die gesin 'n normatiewe liefdesgemeenskap is wat op die natuurlike bloedbande tussen die ouers en hulle kinders gebaseer is. Hierdie liefdesband dien ook as afskaduwing van die liefdesband tussen God en sy kinders, wat onbreekbaar deur Christus se liefde vir sy kerk gebind is (Dooyeweerd, 1969, III & IV: 269).

Die huisgesin is opgebou uit die geslagtelike verbinding van

die ouerpaar uit wie die kinders voortspruit. Die funksie wat hier aan alle vroeëre struktuurfunksies die leiding moet gee, is dus die etiese. Die gesin word gekwalifiseer deur die getrouheid van die egliede aan mekaar en deur die bloedbande van die ouers en kinders met mekaar (Taljaard, 1963: 91).

4.2.2.3 Die gesin en tussenmenslike verhoudinge

Die gesin is 'n samelewingsverband van tussenmenslike verhoudinge op die grondslag van bloedbande en gekwalifiseer deur getrouheid aan mekaar. Daar bestaan geen ander samelewingsverband op aarde waar mense so intiem byeengebring word as in die gesin nie, omdat mense daarin deur bloedbande, troubande en verantwoordelikheidsbande saamgebind word (Van der Walt, 1980: 88, 89). Die een lid van die gesin is met al sy bestaanswyses met al die bestaanwyses van elkeen van die ander lede vervleg. Die huisgesin is 'n tussenpersoonlike vervlegting, maar hierdie vervlegting is anders as die van byvoorbeeld die staat of die kerk. Vanweë sy eie subjektiewe en individuele kwaliteite verskil elke gesin egter van alle ander gesinne, maar elke huisgesin openbaar nogtans die tipiese struktuur van 'n gesin, en in elke gesin is die lede van daardie gesin op 'n tipiese manier op mekaar aangewys (Taljaard, 1963: 92, 93).

4.2.2.4 Die gesinsgesag

Die ouers se gesag oor die kinders en die kinders se gehoorsaamheid aan die ouers het 'n eie struktuur. Die gesagstruktuur berus op die bloedband en word deur die liefde gelei. Die ouers moet hulle kinders met liefde lei en tug, en die kinders moet uit liefde gehoorsaam wees. Dit is heeltemal 'n ander verhouding as die gesagshandhawing in die staat, waar dit om die swaardmag en die handhawing van die reg gaan. Die ouerlike tugtiging het byvoorbeeld nie vergelding of skrik